KOMMISSIE HERVAT OP 9 MEI 1990.

FLORIS JOHANNES MOSTERT (Steeds onder eed)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. PRETORIUS: Brigadier Mostert, ek wil u eers vra oor die eedsverklaring wat u in die Calla Botha-aansoek gemaak het. Het u dit voor u? -- Ek het.

In par.3.2 daarvan. -- Bladsy?

3 - praat u daar van verskeie betroubare bronne, sien u dit? -- Dit is korrek.

En toe praat u van die oogmerk en u is uitgevra daaroor gister van die gemelde moorde en ander optredes, sien u dit? -- Ja.

Nou, ek wil dit net kortliks aan u stel dat wat u daar suggereer is dat die groep of organisasie wat betrokke was by hierdie moorde was 'n private regsgesinde instansie, is dit nie waar nie? -- Ek het nooit enige regsgesinde organisasie insinueer nie, net 'n organisasie.

Ek stel dit aan u dit is wat blyk uit daardie paragraaf. -- Dit was nie my oogmerke nie.

So, wie anders of watter ander groep mense sou probeer om daardie oogmerke te bereik? -- Die organisasie wat ek ondersoek het.

Die BSB? -- Op daardie stadium, ja.

Ja, maar dit is nie wat u hier voorgee nie. Hier praat u nie van die BSB of 'n staatsinstansie nie. -- Nee.

Hier kom dit voor asof ons hier praat van 'n regsgesinde en private instansie. -- Ons het nooit bespiegel of voorgegee dat dit 'n regse organisasie is nie.

Ja, ek sê nie vir u daar was bespiegeling voorheen van 'n regse organisasie nie, ek sê wat kom hieruit, blyk hieruit is dat u praat van 'n private regsgesinde instansie. -- Dit was

nie/...

nie die oogmerk nie.

'n Instansie wat die regering van die Republiek wil teen-werk. -- Om die algemene bevrees te maak en te demoliseer, ek meen hier was gister aan my gestel dat om die staat omver te werp maar nie in een van my eedsverklarings het ek gemeld dat die staat omver gewerp gaan word nie, maar soos dit wel hier staan, in al my eedsverklarings. Ek wil net daardie regstel-ling maak.

Ek praat net van par.3.2. U praat van 'n organisasie of 'n oogmerk en die oogmerk is om die regering van die Republiek teen te werk en spesifiek die oogmerk van die regering om alle bevolkingsgroepe te betrek by die regering van die land. Is dit nie iets wat regsgesindes sou probeer bereik nie? -- Dit kan enigeen wees. Ons kan dit nie net beperk tot regsgesindes nie.

Maar ek stel dit aan u dat hier wat blyk hieruit, is dat u suggereer dat daar 'n private regsgesinde instansie betrokke was. -- Ek suggereer nie 'n regse organisasie nie.

VOORSITTER: Ja, maar suggereer u 'n private organisasie? Daar is twee, eintlik het die advokaat, stel hy dit, val dit in twee. Aan die een kant sê hy dit suggereer die bestaan van 'n private organisasie en ek dink hy sê dit omdat u verwys na 'n organisasie wat die regering teenstaan. Daarvan maak hy die afleiding glo ek, dat dit 'n verwysing is na 'n private organisasie en die tweede been van sy vraag is, of dit slaan op 'n regse organisasie. -- Die regse is uit by my.

Nou goed, nou kom ons kom by die eerste deel, suggereer daardie verklaring van u dat dit 'n private organisasie is? -- In die beginstadium 'n organisasie van sakemanne - alle vlakke van die samelewing. U kan aflei dat dit 'n private organisasie

was/...



was, maar ek het geen insinuasie dat dit 'n regse organisasie is

nie.

MNR. PRETORIUS: Ek sal dit nie verder vat nie brigadier. Sal u asseblief kyk na par.3.3 op dieselfde bladsy. Daar praat u van 'n aansienlike hoeveelheid inligting, sien u dit? -- Dit is korrek.

En par.3.4 sê u bo-aan die bladsy, bladsy 4: "Ek is egter tevrede dat die inligting waaroor ek beskik betroubare inligting is" sien u dit? -- Dit is korrek.

En ek wil net afwyk van daardie lyn van kruisverhoor vir 'n oomblik. In paragraaf 3.5 praat u van die aansoek in die Barnard saak, sien u dit, en u sê onderaan die bladsy: "Soda- nige publikasie het die polisie-ondersoek onberekenbare skade aangedoen. -- Dit is korrek.

Ek wil net hê u moet asseblief vir die kommissie verduidelik hoe het dié publikasie onberekenbare skade aange-doen? -- Kan ek net dan nou die hele passaat hier van gister, laat ek sommer, dit sommer nou 'n regstelling maak hier, want dit was gister aan my gestel dat ek sou sekere feite aan die agbare regter verswyg het en ek het in my eedsverklaring dit verduidelik dat ek sekere inligting nie openbaar maak nie en dit is hier in my verklarings. Om verder te gaan die skade wat aangerig is, is onmiddellik toe hierdie dokumente vryge-stel is aan die media, toe was die kat tussen die duiwe gewees en dit het ons ondersoek skade aangedoen. Ons het probeer verhoed dat die media hierdie inligting bekom en versprei en self ondersoek gaan instel en spekuleer.

Maar ons praat hier van 'n organisasie. U het op hierdie stadium geweet van die bestaan van 'n organisasie. -- Dit is korrek.

Eintlik/...



Eintlik het u op hierdie stadium geweet van die BSB?

MNR. VISSER: Met eerbied mnr. Die Voorsitter, Visser wat praat, dit is nie so nie. My geleerde vriend maak dieselfde fout as wat

my geleerde vriende gister gemaak het. Hy moet lees op bladsy 3 van hierdie verklaring eerstens wat Mostert sê hierso, na watter stadium hy verwys en hy verwys, ek gaan dit net lees om hierdie wanindruk reg te stel mnr. Voorsitter.

"3.1 In die jongste verlede was daar verskeie gevalle waar beweerde politieke aktiviste vermoor is soos byvoorbeeld die gevalle van Lubowski en dr Webster"

en dan sê hy: "Daar was ook verskeie ander gevalle waar bekende aktiviste se eiendom beskadig is en hulle op ander wyses leed aangedoen is. Volgens die inligting waaroor ek beskik het voor die arrestasie van die aangehoudende" en dan gaan hy heen en hy vertel presies wat is daardie inligting. As my geleerde vriend die moeite doen om die eedsverklaring verder te lees dan ... (tussenbei)

VOORSITTER: Mnr. Visser moet nie so opgewonde word nie.

MNR VISSER: Dan sal hy sien dat Mostert kom later by die inligting wat hy gehad het na arrestasie mnr. Voorsitter en die onderskeid word gerieflikheidshalwe elke keer verswyg as hierdie vrae aan brig. Mostert gestel word. Ek wil my geleerde vriend vra om dit reg te stel.

MNR. PRETORIUS: Miskien as my geleerde vriend 'n oomblikkie gewag het om die punt van my vraag in te sien, sou hy nie die beswaar geopper het nie. Mag ek voortgaan, ek dink nie my lyn van vrae gaan teen wat my geleerde vriend gesê het.

VOORSITTER: Ja, laat ons die vraag hoor.

MNR. PRETORIUS: U het hierdie eedsverklaring gemaak op 11 Desember. -- Dit is korrek.

Toe/...



Toe u hierdie eedsverklaring gemaak het, het u al geweet van die bestaan van die BSB? -- Die aansoek gaan oor prosedures voor

arrestasie om tot die oordeel te kom. Dit het ons nou gesê .. (tussenbei)

VOORSITTER: Nee, al wat die advokaat wil weet is .. (tussen-bei) -- Dit is korrek, ek het geweet daarvan, maar ek kon dit nie in my verklaring invoeg nie, want dit mag nie ingevoeg word nie.

MNR. PRETORIUS: Ek dink luister net na die vraag en dan dink ek ons sal regkom. Op 11 Desember het u gesê dat die aansoek of die publisiteit gegee aan die aansoek in die Barnard aange-leentheid onberekenbare skade aangedoen het vir u ondersoek, is dit nie so nie? -- Ja, dit is korrek.

En ek wil net u vrae om te verduidelik vir die kommissie hoekom maak u daardie .. (tussenbei) -- Ek het dit reeds vir u verduidelik en gesê ons wou nie dat die media dit bereik nie en toe dit hulle bereik toe het hulle net oorboord gegaan daarmee.

Maar, nou dit is wat ek wil vir u vra. U het geweet toe u hierdie aansoek geopponeer het wel dat ons hier te doene gehad het met 'n organisasie. -- Dit is korrek.

En die blote feit dat teen hierdie tyd 'n lid of twee lede van die organisasie gearresteer is, sou genoeg gewees het om die ander lede op hulle hoede te laat sit. -- Nie nood-wendig nie.

Hoekom nie? Sou dit nie die onberekenbare skade gedoen het nie? Hoekom blameer u die pleitstukke of die stukke in die saak? -- Ons het hierdie Barnard-aanhouding vir plus-minus 'n maand lank, was dit geheim gewees, niemand het ons gepla nie en daarna het ons probleme opgetel.

Ek/...



Ek wil aan u stel dat die enigste redelike afleiding uit hierdie feite wat 'n mens kan maak is dat toe u die eerste paar mense gearresteer het, toe is hulle op hulle hoede, die ander lede van die organisasie - hulle moes geweet het iets is nou hier aan

die gang ons moet ons selwers oppas. -- Dit is u afleiding, dit is heel moontlik, ek sal toegee.

Dit is 'n redelike afleiding. -- Dit is 'n redelike afleiding.

Nou hoekom blameer u die publisiteit gee aan die saak, dit is nie wat onberekenbare skade .. (tussenbei) -- Ons wou nie publisiteit gehad het nie, want publisiteit sou ons saak skade aangedoen het.

Hoekom, dit is wat ek u vra? -- Want ek het u gesê wat gebeur.

Want ek stel aan u dat die arrestasies die skade aangedoen het. Ek stel nie aan u dat u moes nie gearresteer het nie, dit is nie my punt nie, my punt is dat eintlik is die skade alreeds gedoen. -- Ja, daaraan kan ek niks doen nie, maar miskien kan ek net verduidelik en dit is dat ons onder-vinding is dat in hierdie gevalle dan gaan die pers en hulle doen self ondersoek en hulle publiseer en dit is nie altyd korrek nie, en het ons partykeer probleme soos ons gister gehad het.

VOORSITTER: Ja, ek het dieselfde ervaring.

MNR. PRETORIUS: Ons sal daarby uitkom. Paragraaf 4.1 - u praat weer van, en dit is op bladsy 5, u praat weer van 'n organisasie wat bestaan met lede uit alle vlakke van die maat-skappy. Ons los nou die vraag van of dit 'n regse of ander soort organisasie was, maar u dui aan hier 'n private organi-sasie, is dit nie so nie? -- Dit is korrek.

In/...



In paragraaf 4.3 praat u van inligting bo en behalwe die ander inligting wat hier ingesluit is in hierdie eedsverkla-ring, u het nog verdere inligting wat u nou gekry het, is dit waar? -- Is dit nou 4.3?

Ja. -- Ja.

En as u net gou wil kyk na paragraaf 5.4 op bladsy 8. U praat

weer van inligting daar in reël 2, sien u dit? -- Ja.

Ek neem aan dit was ook betroubare inligting. -- Dit is korrek.

Dit is wat u daar voorgee, is dit nie? -- Dit is reg.

Ek wil nie tyd vat om u deur die ander eedsverklaring in verband met die Barnard saak te vat nie, maar oor die algemeen is soortgelyke punte gemaak nè in verband met die soorte inligting, die hoeveelheid inligting ensomeer. -- Dit is korrek.

As u sal kyk asseblief na die eedsverklaring van Van Zyl, nie eintlik sy eedsverklaring nie, maar die eedsverklaring wat u gemaak het om die aansoek te opponeer - paragraaf 2.14, bladsy 7. -- 2.14?

2.14 bladsy 7, sien u dit? -- Ja.

Daar maak u melding van die BSB by name. -- Dit is korrek.

En ook meld u dat dit 'n eenheid is van die Suid-Afrikaanse Weermag. -- Dit is korrek.

Nou ons het reeds vasgestel dat, twee dinge, dat eerstens soos ek dit verstaan het gister, die rede hoekom u nou die feite openbaar het is omdat hulle reeds openbaar is. -- Ja, dit is deur die Weermag in 'n Sapa berig openbaar.

En ook deur Van Zyl self, is dit nie so nie? -- Dit sal weer nie in die verklaring voorkom nie, want dit is inligting

wat/...



wat na sy arrestasie verstrek is.

Dit is nie belangrik nie, maar die punt wat ek wil maak is, sou dit aan u oorgelaat word sou ons nog nie geweet het van die bestaan van die organisasie nie, so lank as wat u gevoel het u ondersoek duur voort, is dit nie waar nie? -- Moontlik.

Dit is meer as moontlik, u het gister bevestigend op so 'n stelling geantwoord. -- Ja, dit het my baie beter gepas om nie die organisasie te openbaar nie.

Nou in paragraaf 2.16, u praat weer van probleme wat u ondervind het met u ondersoek met die sogenaamde personder-soeke wat u ondersoek nou ernstig sou belemmer het. Sien u dit? -- Waar staan dit, dit is 2.16?

Ja, bladsy 10. -- Bladsy 10, lees dit maar.

Daar praat u van die persondersoeke, die sogenaamde pers-ondersoeke wat u ernstig belemmer het. -- Dit is korrek.

Nou hoe het dit gebeur? -- Dit is voor die handliggend, soos ek weer gesê het hulle gaan met hulle eie ondersoeke aan, spekuleer, plaas foto's wat uitkenningsparades onmoontlik maak.

Ek wil weer aan u stel dat ons het te doene hier met 'n beperkte hoeveelheid mense binne 'n organisasie - enige skade wat aangedoen is, is aangedoen toe die eerste een gearresteer was. Ek sê nie u het 'n keuse gehad nie, maar dit is eintlik wat die skade gedoen het. -- 'n Mens sal nooit kan vasstel wat die skade was nie.

Eintlik is hierdie 'n onregverdige aantyging. -- Teenoor wie?

Teenoor die pers. -- Dit is voor die handliggend, dit gebeur daagliks.

Hulle/...



Hulle het eintlik in die werk van die kommissie baie inligting gekry. -- Die verskil is ek probeer 'n saak voor-berei vir 'n hof en die pers probeer sensasie uitblaas.

Ek sal dit daar los. Ek wil net opsom wat die algemene prentjie wat u voorgee in hierdie beëdigde verklarings. U het voorgegee oor die algemeen nou praat ek, eerstens dat u verskeie betroubare bronne gehad het, is dit reg? -- Dit is reg.

En u het ook voorgegee dat u 'n aansienlike hoeveelheid inligting gehad het. -- Dit is korrek.

En u het sover gegaan om betrokkenes by name te noem. --

Betrokkenes in verband met?

In verband met die Webster saak en ander aangeleenthede. -- Ja.

En bo en behalwe dit het u gepraat van meer sensitiewe betroubare inligting wat u gehad het wat u nie in die stukke openbaar het nie. -- Dit is korrek.

En u het ook melding gemaak van twee verskillende instan-sies of omstandighede wat u ondersoek belemmer het. Ek wil net opsom wat uit hierdie stukke verskyn, dit is so, is dit nie? -- Herhaal net asseblief.

VOORSITTER: Wie is die twee instansies, hy het gepraat van die pers en?

MNR. PRETORIUS: En wat openbaar is in die Barnard aansoek.

VOORSITTER: Met ander woorde daar was inbreukmaking op u ondersoek deur die aansoek self en die publikasie of deur die pers se ondersoek. -- Ja, aan die aansoek kan ek niks doen nie, ek meen dit is .. (tussenbei)

Nee, maar u het dit gesê in u verklaring, ek bedoel ons, dit is nie die probleem dat u dit, die feit is net dat dit was

twee/...



twee van die klagtes wat u gehad het in daardie stukke. Dit is al wat die advokaat stel. -- Ja.

MNR. PRETORIUS: Nou wil ek oorgaan as u wil, na 'n paar pers-berigte wat gemaak is en ek wil eers verwys na 'n berig in Rapport van 7 Mei.

VOORSITTER: Vanjaar?

MNR. PRETORIUS: 1989. Ek het afskrifte van die relevante deel hiervan, ek sal later 'n kopie inhandig as bewysstuk.

VOORSITTER: 7 Mei 1989.

MNR. PRETORIUS: Nou sien u in die eerste kolom daaronder praat

die berig daar van generaal Jaap Joubert, sien u dit? -- Daar by die sterretjie, ja.

Ja, en die berig lui soos volg: "Jaap Joubert sê die polisie is oorval met inligting, nadat identikit foto's van die drie verdagtes vroeër in die week uitgereik is", sien u dit? -- Dit is korrek.

Was dit die ware posisie? -- Dit is korrek.

So, wat hier in die berig verskyn is inderdaad nie inkor-rek nie? Dit verdraai nie iemand se woorde nie. -- Dit is korrek.

VOORSITTER: Maar mnr. Pretorius ken u die feite agter die indentikit?

MNR. PRETORIUS: Nee, ek sal daaroor vra, as brigadier nie sal antwoord nie dan .. (tussenbei)

VOORSITTER: Ek weet nie of brigadier wil vertel wat die oorsprong van die identikit is en wat die eindresultaat daarvan was. -- Ja, dit maak nie saak nie, ek dink ons kan dit op hierdie stadium miskien net regstel wat die probleem daar was.

MNR. PRETORIUS: Ek gaan u uitvra, miskien kan u, my punt op

die/...



die oomblik is, is wat voorgegee is deur die ondersoekspan is dat dinge teen daardie tyd goed geloop het. -- Ja, dit is korrek.

Nou u kan verduidelik van die identikits, ek sal daarby kom in 'n oomblik, kort-kort, maar ek wil net die tweede gemerkte passasie daar vir u uitlees in kolom 2, sien u dit? -- Ja.

Praat die berig van 'n magdom van leidrade wat deur 'n span topspeurders opgevolg word. -- Dit is korrek.

Die berig verdraai niemand se woorde nie ek neem aan, dit sou gewees het wat lede van u span sou gesê het vir die pers? -- 'n Magdom, u weet dit is amper soos die getal mense by 'n politieke vergadering, dit kan, ons kon gesê het baie -

baie leidrade word opgevolg.

Ja maar, dit skep 'n sekere indruk. -- Ja, daar is, daar was, maar ek sal nie sê 'n magdom nie.

En dit is nooit reggestel nie. -- Deur wie nie?

Die publiek, as 'n lid van die publiek hierdie berig lees sou hy glo dat u 'n magdom van leidrade het wat deur 'n span topspeurders opgevolg word en ek vra u dra die berig die waarheid op iemand se woorde? -- Nee, daar was leidrade opge-volg en daar was baie leidrade opgevolg.

'n Magdom van leidrade.

<u>VOORSITTER</u>: Ek dink die generaal sê 'n magdom is 'n te sterk woord, die brigadier sê dit is 'n te sterk woord.

<u>MNR. PRETORIUS</u>: Nou, in 'n berig, en ek het ongelukkig, wat verskyn het in die Argus van 19 Mei 1989 het u gepraat van nog of 'n nuwe getuie wat beskikbaar was vir doeleindes van die ondersoek. Ek sal net vir u voorlees wat hier verskyn, onthou 19 Mei verlede jaar: "Police have confirmed that they have traced an additional witness in connection with the



assassination of Wits University activist David Webster" and then lower down in the report, onderaan die berig was gesê: "Regarding the new witness he said" met verwysing na luite-nant kolonel Frans Malherbe: "The police have traced an addi-tional witness who assisted in trying to improve the existing identicits of Dr. Webster's killers, however, we are not in a position to release new identicits." Nou, dit was daar waar ek u wou vra oor die storie van die identikits en as u bereid is sal u daardie storie vir ons vertel? -- Die identikits, kort na die moord het 'n Weermagman na ons toe gekom en .. (tussenbei)

<u>VOORSITTER</u>: 'n Dienspligtige? -- 'n Dienspligtige en hy het toe vir ons 'n fantastiese storie vertel, wat hy alles gesien het en

was in staat gewees om ons 'n baie akkurate identikit op te stel. Toe ons die man vra maar hoe kry jy dit reg om so goed die waarneming te doen, toe sê hy nee, maar hy maak klei-modelle en dit is nou eintlik sy spesialiteit en op daardie stadium was ons onder geweldige druk en die skakeloffisier het die identikits vrygestel en agterna het ons vasgestel dat die man omtrent 'n halfuur na die voorval eers opgedaag het.  Ons het toe ook die motors opgespoor wat hy identifiseer het, so ander woorde daardie identikits was heeltemal waardeloos. Na dit het ons 'n ander kêrel opgespoor wat vir ons meer akku-raat en meer op tyd daar was wat vir ons sekere foto's gemaak het en die foto's hou ons nog op die oomblik, maar ons het dit nie vrygestel nie, as gevolg van geweldige probleme wat ons gekry het deur daardie eerste drie.  Dit is die saga van die identikits.

<u>MNR. PRETORIUS</u>:  Soos ek wat u nou gesê het verstaan, neem ek aan u glo daardie eerste man, daardie eerste beriggewer van

die/...



die Weermag, eintlik nie daar was om te sien .. (tussenbei) -- Nee, hy kon nie daar gewees het nie.

So, hoekom praat ons in hierdie persberig van "improving the existing identicits?"

<u>VOORSITTER</u>:  Ek dink wat die brigadier sê hulle het eers op 'n later stadium vasgestel dat hulle hom nie kan glo nie.

<u>MNR. PRETORIUS</u>:  Wat was die naam van hierdie man? -- Nee, ek dink nie ek gaan dit verstrek nie.

<u>VOORSITTER</u>:  Ek dink dit is 'n informant, of hy goed of sleg is. -- Ja, ek is nie bereid om sy naam te verstrek nie.

<u>MNR. PRETORIUS</u>:  Miskien sal ons daardie punt later opbring mnr. Die Voorsitter, maar is ooit 'n persberig of 'n persver-klaring uitgereik dat kyk hierdie identikits is verkeerd? -- Ek kan nie

onthou nie, maar ons het wel vir die persmense wat ingeskakel het gesê dat ons heg nie meer waarde aan daardie identikit nie.

Maar, ek sou aanneem dat dit sou verwarrend nou vir die publiek gewees het om hierdie mense te probeer opspoor. Hoekom het u nie ... (tussenbei) -- Identikits is in elk geval verwarrend.

Maar hoekom het u nie duidelik vir die publiek gesê: "Kyk hierdie identikits is verkeerd" nie? -- Dit was nie nodig gewees nie.

Want u sien ek wil 'n punt aan u opper, 'n dag of twee na die moord is hierdie identikits in die pers gesit. -- Ek dink 'n dag daarna.

U, 'n topspeurder met 'n span topspeurders is aangestel om hierdie moord na te gaan, te ondersoek en dit het 'n indruk geskep vir die publiek dat hierdie top span speurders doen hulle werk en hulle vorder goed, dit is die algemene indruk

wat/...



wat deur hierdie persberigte .. (tussenbei) -- Dit was ons indruk ook gewees.

Ekskuus? -- Dit was ons indruk ook gewees dat ons vorder.

Ja, maar u het toe geweet dat u vorder nie, want hierdie verdagtes eintlik opgemaak is. -- Maar dit is eers 'n paar dae later wat ons dit uitgevind het.

Hoekom openbaar u dit nie vir die publiek nie? -- Dit is eers wat ons 'n tyd later wat ons vasgestel het.

Ja, maar toe, hoekom openbaar u dit nie vir die publiek nie? -- Om nie verder verwarring te skep nie.

Ekskuus? -- Om nie verdere verwarring te skep nie.

Nee, dit is nie die punt nie, ek wil aan u stel die rede dat u nie openbaar het nie, is dat u wil nog die indruk skep, die valse indruk dat hierdie ondersoek vorder goed. -- Ek verskil met u.

Ek sal dit daar los. Ek gaan nie aan u verdere pers-berigte voorlê nie, want u het nou met al die punte gehandel, maar u het op 'n stadium gesê u gaan nie die kleur of beskry-wing van die motor wat betrokke was by die moord openbaar nie, u het gesê in 'n persberig wat verskyn het in die Star op 18 Junie 1989: "We are still sorting out the problems." -- Dit is korrek.

Onthou u die verklaring? Nou teen hierdie tyd het u geweet van die identikits, van die hele storie van die identikits? -- Watter datum was dit?

18 Junie 1989. -- Ja, dit is korrek.

U het geweet dat die eerste stel identikits was vals. -- Dit is korrek, toe het ons 'n tweede stel gehad.

Ja, maar u het gesê, u het vir die publiek gesê in die-selfde berig: "However, he would not say whether new

identicits/...



identicits had in fact been drawn up by the police but were being withheld by them." Dit het u gesê in hierdie selfde persberig. -- Dit is korrek.

Nou, dit is nie die ware posisie nie, is dit, u het verbeterde identikits op daardie stadium gehad volgens u.

<u>VOORSITTER</u>: Nee, maar sê hy nie: "He would not say" met ander woorde beteken die berig nie dat hy nie bereid was om dit openbaar te maak nie?

<u>MNR. PRETORIUS</u>: Ja, okay, miskien is dit 'n bietjie sterk gestel, ek neem u punt, maar eintlik is die ware prentjie of die volle prentjie nie vir die publiek hier openbaar nie, min-stens dit kan ons sê. -- In watter opsig?

Ten opsigte van die identikits. -- Ja, ons het dit terug-gehou. Dit is 'n taktiese skuif, het ons dit teruggehou.

Hoekom het u nie die nuwe identikits teruggehou? -- Soos ek

gesê het dit is 'n taktiese skuif.

Nee, ek vra watse taktiek? Hier het u identikits van 'n ooggetuie vermoedelik en u weerhou hulle van die publiek, hoekom, watse taktiek is daar betrokke? -- Ons het geweldige probleme gehad met die eerste stel. Ons het rondgehardloop van bakboord na stuurboord op nuttelose inligting en hier het ons nou 'n getuie gehad wat naby die toneel was wat vir ons in die toekoms nog kan help. Daardie identikits het ons gehou vir ons eie inligting en ons gebruik dit nog in ons soektog.

Hoekom het u nie die eerste stel teruggehou nie op die-selfde taktiek. -- Die eerste stel het ons, op daardie stadium was dit vir ons, ons het gedink ons het 'n baie goeie getuie, want hy was op die toneel gewees, hy het twee motors gesien en hy het 'n beskrywing gegee.

Maar wat het u laat dink dat die tweede stel nie net so

goed/...



goed was nie? -- Toe was ons 'n bietjie meer versigtig gewees.

En hoekom het u nooit die beskrywing van die motor open-baar nie? -- Soos dit toe later geblyk het was die motor wat die dienspligtige gesien het was 'n motor wat in die omge-wing, het ons hom opgespoor en dit sou daardie mense in 'n geweldige probleem gestel het.

Het die tweede getuie nie ook vir u 'n motorbeskrywing gegee nie? -- Ja, maar dit is verskillend van die eerste man.

Ja, maar hoekom is die beskrywing nie openbaar nie? -- Daar is 'n beskrywing in die koerante gegee van 'n wit motor.

Was daar? -- Ja.

Ek vra verskoning. -- Ons het dit nie verstrek nie, die pers het self loop navraag doen in die straat en hulle het dit publiseer.

O, hoekom het u nie? -- Want dit was korrek gewees, ons het

nie nodig gehad om dit reg te stel nie.

Daar het die pers, sou u dit gedoen het as die pers dit nie gedoen het nie?

VOORSITTER: Ek dink nie dit is relevant nie.

MNR. PRETORIUS: Nou, in dieselfde berig het u ook gesê: "We are still confident we will find the killers". -- Dit is korrek.

Dit is wat u toe .. (tussenbei) -- Dit is wat ek nou nog dink.

Dit het taamlik lang tyd gevat, maar die belangrikste punt wat hieruit blyk is dat in u beëdigde verklarings sowel as in die pers en volgens wat u voorgegee het, het u op daardie stadium baie goed in die ondersoek gevorder. Dit is wat die hof sou geglo het en dit is wat die algemene publiek sou ook geglo het. -- Na watter stadium verwys u nou, datum

maand/...



maand of so?

Ek verwys na die hele van laaste jaar, verlede jaar. Nog voor die .. (tussenbei) -- Die Lubowski-moord.

Die Lubowski-moord, dit is wat voorgegee is en al hierdie persberigte wat al voor Augustus en Septembermaand verskyn het. -- Van die eerste af tot sedert hier in Augustus, het ons baie uitskakeling gedoen, baie inligting gekry, baie opvolgwerk gedoen, jy kan nie sê jy vorder nie, maar ons moes dit uitskakel. Toe het dit vir 'n periode stil geraak, toe kom die Lubowski en toe is daar weer momentum.

Dit mag die feit wees, maar ek praat nou van die indruk wat geskep is in die persverklarings en die stukke voor die hof en aansoeke vir vrylating van die verskeie .. (tussenbei)

VOORSITTER: Ja, maar dit gaan nou weer oor 'n ander tydperk.

MNR. PRETORIUS: Ek dek nou die hele tydperk.

VOORSITTER: Nee, brigadier het nou gepraat tot en met die

Lubowski-moord. Kom ons werk nou van die Lubowski-moord vorentoe, ek dink dit is beter uit sy oogpunt gesien want ek dink nie .. (tussenbei)

MNR. PRETORIUS: Ek sal dit in twee deel mnr. Die Voorsitter. Eerstens voor die Lubowski-moord is die indruk in persberigte voorgegee dat dinge vorder goed, die ondersoek oor die algemeen vorder goed. Dit is wat 'n lid van die algemene publiek sou glo as hy die persberigte lees, u verklarings in die pers, is dit nie so nie? -- Dit is korrek, maar ek moet net vir u sê ek het nie die persberigte geskryf nie.

Ja, maar ek het vir u aangehaal verklarings wat u gemaak het en bevestig het. -- Ja, maar ek moet u net sê ek is nie die skrywer van die persberigte nie.

Maar u het nooit voorgekom en gesê: Lid van die, mnr.

Publiek/...



Publiek, dinge vorder nie so goed nie, ek moet eerlik vir u sê. -- Ek het nie nodig gehad om dit te doen nie, want ek het gevorder.

Maar al punt wat ek maak, ek wil u nie kritiseer op hierdie oomblik nie, maar al punt wat ek maak is dat u voorgegee het of daar is deur die ondersoekspan voorgegee in die pers vir die publiek dat dinge goed gevorder het deur-gaans. Daar is nooit gesê: "Kyk, ons vorder nou nie so goed as wat ons vantevore aangegee het nie". -- Ons kon dit nie sê nie, ons het sekere vordering gemaak.

VOORSITTER: Ja nee, goed, ja mnr. Pretorius.

MNR. PRETORIUS: Nou na die Lubowski-moord en in die stukke voor die hof en die aansoeke vir vrylating, is dieselfde indruk geskep, is dit nie so nie, dat u het baie inligting, dit is betroubare inligting, u het nog inligting wat u nie wil openbaar nie en dinge vorder goed. -- Dit is korrek.

Nou ek wil daardie posisie vergelyk nou met die posisie wat

nou geopenbaar is in u eedsverklarings voor hierdie hof en ek wil hê asseblief dat u moet na C.20 kyk. Nou as 'n mens paragraaf 4.1 tot 4.3 lees en 'n mens neem in ag wat gister gesê is in getuienis-en-hoof en in kruisverhoor, ek wil nie daaroor gaan nie, maar eintlik sê u nou vir hierdie kommissie dat tussen of vanaf 1 Mei toe Webster om die lewe gebring is tot 12 September toe adv. Lubowski om die lewe gebring is, het u een naamlose oproep ontvang.

VOORSITTER: Ekskuus, ek dink, kan ek net, ek dink net om die brigadier hier 'n bietjie te help, hierdie verklaring is opgestel op die kommissie se versoek om te sê hoekom B.S.B. betrek word by die Webster-moord en ek weet nie of dit nie miskien iets verduidelik oor die wyse waarop die verklaring

opgestel/...



opgestel is nie, neem dit net in ag asseblief.

MNR. PRETORIUS: Miskien moet ek vlugtig daardie versoek sien.

VOORSITTER: Nee, dit was 'n mondelinge versoek.

MNR. PRETORIUS: Was dit 'n mondelinge versoek?

VOORSITTER: Ja, dit was 'n versoek gerig deur my aan die advokaat dat ek wil 'n antwoord hê en omdat ek nie die ant-woord gekry het nie sal u sien dat die tweede verklaring .. (tussenbei)

MNR. PRETORIUS: Ek verstaan die tweede verklaring.

VOORSITTER: In paragraaf 2 word dit herhaal, u weet, maar daar was die versoek gewees en dit was die antwoord op die versoek - net vir agtergrond.

MNR. VISSER: Mnr. die Voorsitter, mag ek net bevestig wat u sê hierdie eerste C.20 is uit die oogpunt van wat die polisie te hore gekom het oor 'n organisasie, die BSB stapsgewys, maar ek moet byvoeg dat in die tweede beëdigde verklaring was daar meer pertinent gepraat gewees oor die besondere inligting waaroor die polisie beskik het.

MNR. PRETORIUS: Ek beperk dan my vrae tot die relevante deel van die ondersoek, want die relevante deel van u ondersoek behels hierdie organisasie wat u later uitgevind het was die BSB dit is waar nè? -- Dit is korrek.

Nou wat u relevant uitgevind het tussen daardie twee datums, tussen die moord van Webster tot die moord van Lubowski was behels in een naamlose oproep. Dit is seker korrek. -- Dit is waar ek van kennis dra, maar daar is deur-lopend nog ondersoeke en oproepe gewees, mense is gespreek.

Maar eintlik wat nou belangrik is en wat later relevant geword het, was die enigste belangrike stukkie getuienis wat u

gekry/...



gekry het uit een naamlose oproep. -- Wat inpas by die latere opset.

Ja. Al punt wat ek maak is dat vanuit daardie tydperk al wat u gekry het wat relevant is, is die een naamlose oproep -- Dit is korrek.

En ons het reeds vasgestel, ek gaan u nie daar vrae vra nie, maar net om te bevestig die feite soos uiteengesit in paragraaf V.1 en V.3 het later belangrik geword. Op daardie stadium was dit nie belangrik nie. -- Ja.

VOORSITTER: Met ander woorde adv. Lubowski byvoorbeeld se dood kon u eers later bytrek as 'n faktor by die betrokkenheid van BSB? -- Ek dink adv. Lubowski se moord het eintlik die momentum gegee aan die hele ondersoek.

MNR. PRETORIUS: Die tydperk na 12 September verlede jaar - eerstens het u inligting gekry wat voortgespruit het uit die ondersoek na die moord van Lubowski, is dit waar? -- Na die moord van Lubowski.

En toe praat u in paragraaf 4.6 en 4.8 van twee ander telefoonoproepe. -- Dit is korrek, 4.6 is een uit Kaapstad uit.

Ja, en 4.8 wat eintlik vals was, valse berig. -- Ja.

En toe het u sekere inligting van Barnard gekry en toe praat u in paragraaf 4.15 van 'n gesprek met luitenant-generaal Badenhorst. -- Dit is korrek.

Het hy vir u inligting gegee? -- Nee.

Het hy geweier? -- Nee, hy het net aantekeninge gemaak.

Nee, ek verstaan nie, ek het u gevra, u sien in paragraaf 4.15 u sê: "Ek voer 'n gesprek met luitenant-generaal Badenhorst. Tydens hierdie gesprek versoek ek die generaal om enige inligting tot sy beskikking aan my beskikbaar te maak."

-- Ja/...



-- Ja, hy het geen inligting aan my beskikbaar gestel nie.

Het hy redes daarvoor gegee? -- Hy het nie redes aan my verstrek nie. Ek het my kaarte vir hom op die tafel gesit.

Kan u indink hoekom hy daardie inligting geweier het? -- Ek dink hy het eers gaan vasstel.

Instruksies kry? -- Of instruksies gekry of die feite gaan vasstel.

Is dit nie die enigste afleiding wat 'n mens kan maak dat hy inligting gehad het, maar hy wou eers toestemming van hoër gesag kry voordat hy dit vir u openbaar? -- Nee, ek dink nie ek het die indruk gekry nie.

Ekskuus? -- Ek dink nie ek het die indruk gekry dat hy eers op hoër gesag wou vasstel nie, ek dink hy wou eers sy feite gaan vasstel. Op daardie stadium het ek vir hom gesê wat ek weet.

Was u onder die indruk dat hy op daardie stadium feite gehad het of inligting gehad het? -- Hy het aantekeninge gemaak van wat ek vir hom gesê het.

Nee, asseblief brigadier Mostert, ek vra u .. (tussenbei)

VOORSITTER: Ek dink in alle billikheid teenoor die brigadier as u ook darem kyk na genl. Badenhorst se verklaring het hy die ondersoekwerk gedoen saam met brig. Engelbrecht. Weet u daarvan? -- Ek dra nie kennis daarvan nie.

U dra nie kennis daarvan nie - en dat hy met brig. Engelbrecht saamgewerk het oor hierdie gebeure en B.S.B.

MNR. PRETORIUS: Dit is brig. Krappies Engelbrecht van die polisie?

VOORSITTER: Ja, dit is wat die verklaring sê.

MNR. PRETORIUS: 'n Kollega van u. Het u geweet van die betrokkenheid van brig. Krappies Engelbrecht? -- Nie op

daardie/...



daardie stadium nie.

Het u later inligting gekry van genl. Badenhorst, op 'n latere stadium? -- Nee.

Het u daarvoor gevra? -- Nee.

Hoekom nie? -- Hierdie inligting was op hoër vlak bespreek en ek het nie toegang gehad tot die gesprekke nie.
Ek het slegs een keer met genl. Badenhorst gepraat.

Nou seker hierdie inligting sou u gehelp het in u onder-soek? -- Onder korreksie, daar was nog 'n geval waar ek met hom gepraat het, maar daar was nie inligting uitgeruil nie.

Volgens wat u nou weet sou dit u gehelp het om daardie inligting te kry in u ondersoek? -- Ek het later inligting gekry, maar dit het via 'n ander persoon gekom, genl, Joubert, ek het nie self persoonlik die inligting gekry nie.

Maar eintlik u ondersoek daar was onderhewig aan die besluite van hoër gesag. -- Ja, ek het al die stappe wat ek gevolg het, het ek deurgevoer na hoofkantoor toe en weer instruksies van hulle gekry.

Ek wil, asseblief, as u net die vraag kan antwoord, u ondersoek op daardie stadium was onderhewig aan die besluite van hoër gesag? -- Ja .. (tussenbei)

In soverre dit die inligting betref. -- Nee, ek het opdrag gehad om voort te gaan met my ondersoek.

Ja, maar u wou seker inligting gekry het en of u die inligting gekry het of nie, het afgehang van wat besluit is daarbo. -- Ja, daar is 'n noue skakeling tussen die twee departemente en ek dink dit is net reg dat die generaals daaroor besluit en dan die inligting deurvoer na my toe.

VOORSITTER: Sê vir my, het genl. Joubert van die polisie, het hy 'n hand gehad of gehou in die Webster ondersoek? -- Ja.

Met/...



Met ander woorde hy was maar eintlik die hoof ondersoek-beampte gewees. -- Hy was aangestel deur die Minister.

As die hoof ondersoekbeampte van die Webster-moord? -- As die hoof ondersoekbeampte, ja, ek het alles na hom toe deurgevoer en weer van hom ontvang.

MNR. PRETORIUS: Het hy met hoër gesag in verbinding getree in verband met hierdie aangeleentheid? -- Ek neem so aan, ek glo so.

En toe praat u in paragraaf 4.21 op bladsy 6 van die Harms Kommissie wat aangestel is op 2 Februarie. -- Dit is korrek.

En in paragraaf 4.24 praat u van 'n deursoeking te Bronk-horstspruit. -- Dit is korrek.

Nou, op wie se inisiatief het daardie deursoeking plaasgevind, was dit op die kommissie se inisiatief of op u s'n? -- Daar was besluit gewees om Kruger te arresteer en ek het 'n oproep ontvang van genl. Van der Westhuizen dat hy en kol. Wright saam met my wil gaan wanneer ek die arrestasie uitvoer want hulle het 'n lasbrief van die kommissie om die perseel te deursoek.

So, was dit op u inisiatief dat daardie deursoeking plaasgevind het?

VOORSITTER: Nee, ek dink wat hy sê is, hy wou die man arres-teer en hy is gevra ... (tussenbei) -- Terselfdertyd wou die kommissie 'n deursoeking doen.

MNR. PRETORIUS: Ek verstaan. So, die deursoeking was eintlik op die kommissie se inisiatief? -- As daar nie 'n lasbrief was of daar nie 'n kommissie was nie, is 'n arrestasie, normaalweg sal sy plek in elk geval deursoek gewees het, maar in hierdie geval het ons 'n lasbrief van die kommissie gehad.

Ek/...



Ek wil dan vir u vra hoekom het u nie vroeër dokumente in die hande probeer kry nie? -- Ek het nie vroeër magtiging gehad om Kruger te arresteer nie.

Nee, die vraag is, hoekom, los nou mnr. Kruger vir die oomblik, hoekom het u nie vroeër probeer om dokumente in die hande te kry nie?

VOORSITTER: Met ander woorde, hoekom het u vroeër aansoek gedoen vir 'n deursoekingslasbrief nie? -- Omdat ons 'n arres-tasie wou uitvoer en ons moes eers magtiging kry om 'n artikel 29 arrestasie uit te voer en dan sou ons terselfdertyd die deursoeking gedoen het, ons sou dan nie 'n lasbrief nodig gehad het nie.

MNR. PRETORIUS: U het lankal geweet voor 28 Februarie van die bestaan van 'n geheime organisasie binne die raamwerk van die Weermag.

VOORSITTER: Ekskuus tog, kan ek u net onderbreek, hoe lank voordat u Kruger gearresteer het, het u bewus geword vanwaar sy perseel is of waar om hom te kry? -- Die perseel was uitge-wys aan adjudant-offisier Rossouw, maar nou kan ek nie vir u sê nie.

Is dit kort voor sy arres of lank voor die arres? -- Dit was

tydens Barnard se aanhouding nog gewees, dit kon in Januarie gewees het.

Kon dit in Januarie gewees het? -- Dit kon in Januarie gewees het.

MNR. PRETORIUS: Nou wil ek die punt bietjie verder vat, u het minstens in Desembermaand geweet van die bestaan van 'n geheime organisasie binne die raamwerk van die Weermag. -- Dit is korrek.

U het ook vermoed dat hierdie organisasie verantwoordelik

was/...



was vir onder andere moord. -- Dit is korrek, ons het 'n vermoede gehad.

U het alreeds, soos u gedink het, een van die lede van hierdie organisasie in aanhouding gehad. -- Dit is korrek.

Sou u nie gedink het dat hierdie mense sou, wat lede van die organisasie toe was, sou alle pogings gemaak het om u dokumente of te verberg of u weet net .. (tussenbei)

VOORSITTER: Vernietig.

MNR. PRETORIUS: Vernietig. -- Inderwaarheid het dit nie gebeur nie, ons het heelwat dokumente gekry.

U weet seker dat die belangrikste dokumente is nie beskikbaar voor hierdie kommissie nie. -- Ek dra nie kennis daarvan nie.

Ons vermoed hulle is wel vernietig, ons sal hulle nie kry nie. -- Ek weet nie van watter dokumente u praat nie.

U weet seker van die projekleêrs wat ons nie kan kry nie? -- Nee, daar was projekleêrs, ek dra nie kennis daarvan nie, ek sal nie daarop kan antwoord nie.

Ek kom terug na my eerste vraag dan, sou u nie gedink het in hierdie omstandighede, toe u geleer het van die bestaan van die organisasie, dat die lede stappe sou doen om hierdie doku-mente of te verberg of heeltemal te vernietig? -- Dit is moontlik hulle

kon dit doen.

Nie moontlik seker sterker as moontlik. -- Baie moontlik.

En al was dit net moontlik was dit nie u plig om seker te maak dat alle stappe onmiddellik gedoen word om hierdie doku-mente te kry nie? -- Aangesien dit 'n suster departement was het dit 'n bietjie probleme veroorsaak om net in te hardloop.

Ek sal daarby kom, later daarby kom. -- Dit was vir my 'n probleem gewees.

U/...



U sou seker daaraan gedink het, u is 'n topspeurder. -- Daar was aan gedink, ja.

Dan in paragraaf 13 praat u van 'n moontlikheid dat die werksaamhede van die kommissie jou ondersoek belemmer.

<u>VOORSITTER</u>: Ja, dit is nou nie nodig dat u daarop ingaan nie.

<u>MNR. PRETORIUS</u>: Ja, maar mnr. Die Voorsitter, ek wil net aan die getuie kortliks stel dat die verskoning is nie geregverdig nie, laat ek dit so aan u stel. -- Dit is u siening.

Ja. So, kan ons opsom wat uit hierdie stukke of uit hierdie eedsverklarings blyk die posisie te wees en dit is eerstens soos u self gesê het nou vorder die ondersoek frus-trerend stadig. Dit is die eerste punt wat u self maak in hierdie eedsverklaring. -- Ja, dit is korrek.

En al wat u nou in staat is om te sê in hierdie eedsver-klaring is dat u wel nie in staat is om te kan sê dat geen vordering gemaak is nie. U sê dit ook in paragraaf 9. -- Paragraag 9?

Van die eedsverklaring - wat u sê van die ondersoek nou, op 5 April is: "Dat ek nie in hierdie stadium kan sê dat daar geen vordering gemaak word nie." -- Dit is korrek.

En tot nou toe het ons vier verskonings nou gehad, dit is die publisiteit gegee aan die aansoek van Botha se vrylating.

VOORSITTER: Barnard se vrylating.

MNR. PRETORIUS: Barnard se vrylating, ja, ekskuus. Tweedens die sogenaamde persondersoeke, derdens die Harms kommissie self en vierdens wat u self beskryf het in hierdie eedsver-klaring as misleidende leidrade. Dit som op die posisie tot dusver, dit is korrek. Nou, ek wil net iets aan u stel in die eerste plek dat eintlik wat u van waarde gekry het volgens u mening in hierdie ondersoek, van ander instansies afgekom het,

byvoorbeeld/...



byvoorbeeld die ondersoek in verband met die Lubowski-moord. Dit was die eerste belangrikste stukkie inligting wat u gekry het. -- Dit is korrek.

En as u nou gou wil teruggaan na u verklaring van 5 April, C.20, ek wil net 'n paar besonderhede van u kry. Die oproep wat genoem is in paragraaf 4.2 wat aan u genoem het die spesiale magte van die Suid-Afrikaanse Weermag, het u die inligting as redelik betroubaar beskou? -- Na watter paragraaf verwys u nou?

4.2.

VOORSITTER: U praat dat daar in daardie tydperk van byna twee maande is daar 'n oproep ontvang. -- Dit is korrek.

MNR. PRETORIUS: Daarin is vermeld by name die spesiale magte van die Suid-Afrikaanse Weermag? -- Dit is korrek.

Nou, het u die oproep as ernstig beskou? -- Die persoon was ernstig gewees, maar sy feite was te min gewees vir my om op daardie stadium enige ondersoek in daardie rigting te doen.

Hoekom nie, hoekom nie met iemand in die spesiale magte daaroor praat nie of iemand in hoër gesag? -- Nee, ons het ons beriggewers uitgehad en ons kon op daardie stadium niks doen nie. Ons het te min gehad, ons het net 'n oproep gehad, 'n persoon wat nie spesifiek kan wees nie en dit sou geen positiewe uitslag

gegee het nie.

Maar net om versigtig te wees. Hier kry u 'n oproep in verband met 'n moord wat blykbaar politieke oogmerke gehad het - u kry nou 'n leidraad, ek gee toe uit 'n naamlose oproep wat die spesiale magte van die Weermag impliseer, hoekom praat u nie met hoër gesag daaroor nie? -- Hoër gesag, waar?

In die Weermag of in die polisie. -- Ek het met hoër gesag in die polisie gesels.

Daaroor/...



Daaroor? -- Ja.

Met wie? -- Genl. Joubert.

En weet u of hy met iemand anders gepraat het? -- Ek sal nie kan sê nie.

Het hy teruggekom na u toe? -- Ons het verskillende same-sprekings gevoer, ek kan nie sê hy het spesifiek teruggekom hierop nie.

Nee, hierdie is 'n belangrike stuk informasie as ek korrek is. -- Dit is, u weet dit is 'n .. (tussenbei)

Laat ek net my vraag klaarmaak asseblief. U dink dit is die moeite werd om met genl. Joubert daaroor te praat. Nou het hy teruggekom na u toe oor hierdie punt? -- U weet alles in 'n saak soos die wat jy niks het nie is baie belangrik en jy gaan op elke ding in. Maar daar is sekere dinge wat jy nie verder kan voer nie, wat jy moet wag.

Vir wat? -- U sal nie verstaan nie, want u is nie die ondersoekbeampte nie, jy moet wag om sekere inligting te kry.

Ja, maar ek is onder andere 'n lid van die publiek en ek neem belang in hierdie ondersoek. -- Dit is so ons almal het die belang daarby.

En ek wil hê as ek nie verstaan nie, asseblief moet u vir

my en die ander lede van die .. (tusenbei)

VOORSITTER: Nee, ek dink wat die getuie probeer sê is dat op daardie stadium beteken die inligting niks nie, dit is nog 'n naamlose oproep. Later word die inligting belangriker, dit is soos hy dit sien. Ek bedoel dit is op dieselfde vlak, die kommissie het ook briewe gekry oor wie Lubowski doodgemaak het, u sal verbaas wees as u sien wie genoem word. Maar ek bedoel, en ek maak nie 'n grap nie.

MNR. PRETORIUS: Ek verstaan u punt mnr. Die Voorsitter, maar

daar/...



daar is 'n ander afleiding wat gemaak kan word uit wat die brigadier gesê het, ek wil net daardie uitsluit of probeer uitsluit. Brigadier, u het gesê u kan nie alles opvolg nie, want daar is dinge wat nie so gou gedoen kan word nie, het u bedoel daarby dat met inligting van hierdie soort, u moet wag vir wat u seniors vir u sê voordat u dit kan hanteer? -- Nie noodwendig nie, mens verwag om meer inligting, want jy gaan 'n persoon konfronteer en dan moet jy darem 'n bietjie inligting hê of jy moet iets hê om hom mee te konfronteer en tot tyd en wyl jy dit nie het nie, moet jy wag.

In elk geval in paragraaf 4.7 het u toe alreeds inligting gehad in verband met Barnard toe u die inligting in 4.7 gekry het. -- Dit is korrek, ons het inligting omtrent hom gekry.

U het inligting gekry dat Barnard en Botha Bruce White gemonitor het. Wat het u daarby verstaan, wie monitor? -- Hulle monitor vir Bruce White.

Ja, maar wat het u daarby verstaan? -- Soos ek reeds gesê het die eerste stadium toe die twee daar gearresteer was, onder daardie verdagte omstandighede, het ons gedink dat dit 'n poging tot 'n bankroof was en hulle weergawe was aanvaar gewees want ons

het niks anders, ons het nie van Bruce White se bestaan geweet nie. Maar agterna toe het ons inligting gekry van 'n persoon Bruce White en ons het hom gaan spreek en toe het al hierdie legkaarte inmekaar geval.

Maar toe seker sou u gedink het dat hierdie taak van monitering of monitor, kon verbind gewees het met 'n staats-instansie soos die weermag of polisie want dit is hulle taak om te monitor onder andere, is dit nie so nie? -- Ja, maar in hierdie geval was dit nie die polisie gewees nie.

Ja, maar het u nie gedink hier is 'n staatsinstansie nou

betrokke/...



betrokke. -- Dit is nie net noodwendig staatsinstansies wat mense sal monitor nie.

Maar u het alreeds die leidraad van die naamlose oproep wat vermeld is deur paragraaf 4.2 van die spesiale magte van die Suid-Afrikaanse Weermag. -- Op daardie stadium kon ek spe-kuleer.

Ekskuus? -- Ek kon spekuleer op daardie stadium.

Wel, u het nou stawende inligting. -- Wat ek wel feit gehad het is dat hierdie twee here het die man gemonitor en dit was my plig om uit te vind hoekom hy gemonitor is en wie is die organisasie agter die monitering.

Ja, maar al punt wat ek maak is dat u moes toe gedink het van die bestaan van 'n organisasie wat moontlik binne staats-gesag geopereer het. -- Dit kan wees dat ek so gedink het op daardie stadium.

Dit is seker 'n sterk moontlikheid? -- Dit is 'n sterk moontlikheid.

Nou toe, hoekom het u nie in verbinding getree met die Weermag of die polisie of die Minister of het u wel vir genl. Joubert hierdie inligting gegee? -- Ek het wel genl. Joubert gaan sien, ek het

die Kommissaris gespreek, ek het die Minister gespreek.

Oor hierdie aangeleentheid? -- Inter alia en daarom het ons besluit om Barnard, artikel 29 aan te hou.

Nou wanneer is die inligting in 4.7 gekry dan? -- Dit was gekry einde September begin Oktober.

Die inligting in 4.7? -- Die inligting in 4.7.

En toe teen die einde van daardie maand vind 'n vergadering plaas.

VOORSITTER: Nee, ek dink darem vooraf is daar 'n onderhoud

gevoer/...



gevoer met Barnard.

MNR. PRETORIUS: Ja. -- Ja, daar was, kol. Smit was hier gewees en ons het 'n onderhoud met Barnard gehad en daarna het ons 'n onderhoud gehad met die Kommissaris en die Minister.

Het u toe Barnard ondervra of hierdie organisasie binne die spesiale magte opereer? -- Ons het 'n vermoede gehad dat dit militêre intelligensie was waaraan Barnard deel gehad het.

Het u Barnard daaroor ondervra? -- Ons het hom ondervra daaroor.

En u het toe gevoel dit was 'n moontlikheid? -- Dit is korrek.

Toe vind 'n vergadering plaas op 27 Oktober op die Hoogte op die hoogste vlak. -- Dit is korrek.

Hoekom is daardie vergadering gehou? -- Genl. Joubert is die hoof ondersoekbeampte, ek het al die inligting wat ek gehad het deurgevoer na hom toe en hy het my na genl. Joop van der Merwe toe gevat wat my aangehoor het en daarvandaan is ons na die Minister toe waar ons saam met ander generale die saak bespreek het.

Hoekom is dit nodig om op daardie hoë vlak die saak te bespreek? -- Omdat hier 'n komponent van die Weermag was, op daardie stadium het ons dit nog nie geweet nie, heeltemal seker watter

komponent nie, maar ons het vermoed militêre intelligensie en dit is seker net heeltemal korrek dat die generale op daardie vlak die aangeleentheid hanteer.

VOORSITTER: Was daar heelwat politiek of openbare druk op u gewees, is daar, om hierdie Webster geval op te los? -- 'n Politieke druk wel, buitelandse druk ook, geweldige druk.

Ek sal nie sê op myself nie, maar op die polisie.

MNR. PRETORIUS: Ek verstaan u antwoord, maar nogtans u het

teen/...



teen die einde van September begin Oktober met Barnard gepraat. -- Dit is korrek.

Hy was nog nie gearresteer nie. -- Nee.

U het inligting van hom gekry en dit het uit daardie onderhoud en van wat u alreeds geweet het redelik ernstig gelyk. So ernstig dat u 'n vergadering op hoë vlak gereël het. Daar was 'n vergadering op hoër vlak. -- Dit was noodsaaklik dat ons op hoë vlak gesels oor die storie.

Dinge was ernstig nè? -- Dit is nou nog ernstig.

Hoekom is Barnard nie voor daardie vergadering aangehou nie, gearresteer nie? -- Ons het eers inligting gekontroleer en toe ons heeltemal seker was waarmee ons besig is, het ons die vergadering aangevra.

Het u nie miskien gevoel dat u moes toestemming kry van die hoër vlak voordat u Barnard kan arresteer nie? -- Aangesien genl. Joubert die hoof ondersoekbeampte was, is dit net voor die handliggend dat ek met hom sal konfereer en hom altyd op hoogte hou.

Ek wil u mening daaroor vra. -- Dit is my mening dat ek met hom moet skakel indien ek enige stappe uitvoer en dit is presies wat ek gedoen het.

Ja, maar hoekom is dit nodig soos dit blyk uit paragraaf 4.10 om, dit blyk hier of dit kom voor hier, u mag my korri-geer as ek verkeerd is, of regstel as ek verkeerd is, dat u wel gevoel het dat u toestemming moet kry op hierdie hoë vlak voordat u Barnard kon arresteer. -- Dit is nie 'n probleem gewees om Barnard, artikel 40(1)(b) te arresteer nie, maar dit sou nie die saak opgelos het nie, ons wou inligting by hom gehad het en daarom was dit nodig dat ek op hoë vlak konsulteer om 'n artikel 29 aanhouding te kry. Ek kan dit self

nie/...



nie magtig nie.

Ja, maar, ja, ek verstaan u punt, maar was dit nie 'n deel van u motivering by hierdie vergadering dat u hier betrokke was met 'n uiters sensitiewe aangeleentheid? -- Dit is.

En voordat u verdere stappe kon neem moes u dit uitklaar met die gesag op die vlak? -- Dit is so.

CHAIRMAN: Mr Luyting, more than once during this commission did I have to call you to order and I am not going to do it again.

MR LUYTING: On one previous occasion, yes, and now Mr Visser is talking at the back here.

CHAIRMAN: No, yesterday in London and now.

MR LUYTING: I am not sure of the problem Mr Chairman.

CHAIRMAN: I wish to have some order during the course of the commission.

MR LUYTING: Yes, did I disturb that?

CHAIRMAN: Yes.

MNR. PRETORIUS: As u sal omblaai na bladsy 5 toe, paragraaf 4.17, Mr Chairman, would this be a convenient time?

CHAIRMAN: Yes, Mr Pretorius, I do not want to inhibit you, but you must be careful of a hindsight.

MR PRETORIUS: Yes, I am aware of that.

KOMMISSIE VERDAAG VIR TEE. KOMMISSIE HERVAT.

FLORIS JOHANNES MOSTERT (Steeds onder eed)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. PRETORIUS: Ek wil net 'n bietjie teruggaan na wat u gesê het in verband met die verga-dering van 27 Oktober. Eerstens was enige lid van die Weermag daar? -- Nee.

Net polisiemanne en die Minister? -- Net polisie en die

Minister/...



Minister.

En ek het u vrae gevra oor hoekom u nie self Barnard aangehou het ingevolge die bepalings van artikel 29 nie, onthou u daardie vraag? -- Dit is korrek.

Nou volgens hoe ek die wet lees, het u die mag om iemand aan te hou. -- Dit is heeltemal korrek.

Nou weer die vraag dan, hoekom het u nie self voor daardie datum besluit om Barnard aan te hou nie? -- Volgens die regulasies vaardig die Kommissaris van tyd tot tyd opdragte uit ingevolge en gee riglyne hoe persone artikel 29 aangehou word.

Sê daardie regulasies u mag nie iemand aanhou sonder toe-stemming van die Minister? -- My instruksies is dat ek die Kommissaris moet toestemming gee.

VOORSITTER: Toestemming kry by die Kommissaris? -- Ek moet toestemming kry by die Kommissaris, ek kan nie net gryp en toesluit onder artikel 29 nie.

MNR. PRETORIUS: Dan is my vraag, hoekom het u nie voor daardie datum toestemming van die Kommissaris gekry om Barnard aan te hou nie? -- Ek was op daardie stadium nog nie gereed om met die generaal, met genl. Joubert onderhoud te voer nie, ek het nog nie al my feite bymekaar gehad nie.

As u net sal omblaai na paragraaf 4.17 op bladsy 5, u praat in daardie paragraaf van 'n verklaring wat Barnard aan u gemaak het oor die bestaan van die B.S.B. -- Dit is korrek.

En u sê die ondersoekspan het besluit om hierdie inligting geheim te hou. -- Dit is korrek.

U het 'n paar name in kruisverhoor genoem, ek kan nie onthou of u genl. Joubert daar ingesluit het nie, was hy daar? -- Ek kan ook nie onthou of ek hom ingesluit het nie.

Was/...



Was hy deel van daardie besluit? -- Ek kan nie onthou nie.

Sou hy nie deel van daardie besluit gewees het? -- Hy sou kennis gedra het daarvan.

Hy sou kennis van daardie .. (tussenbei) -- Hy sou kennis gedra het.

En hy sou seker ooreengestem het met daardie besluit. -- Hy sou saamgestem het.

Wat bedoel u dan met die gebruik van die woord geheim? -- Om dit nie openbaar te maak nie.

Vir die publiek? -- Ja, vir die publiek.

U het alreeds met die Minister daaroor gepraat. -- Dit is korrek.

Seker binne die geledere van die hoë range van die polisie. -- Dit is korrek.

Bedoel u ook daar dat dit geheim gehou moet word van die Weermag? -- Ekskuus?

Bedoel u daarby ook dat .. (tussenbei) -- Op daardie stadium was die Weermag geken.

Hulle was geken? -- Hulle was geken.

So, die gebruik van die woord .. (tussenbei) -- Nie deur my persoonlik nie, maar genl. Badenhorst het ek gesien ek dink

die 27ste, maar hulle was geken.

Met die gebruik van die woord geheim dan, u bedoel die algemene publiek? -- Ja.

Ek wil net handel kortliks met u eedsverklaring C.22 paragraaf 6.5 daarvan. U het sekere inligting daar gekry van Barnard in verband met Frank Chikane. -- Dit is korrek.

Nou, het u ooit die indruk gekry dat hierdie inligting wat aan u gegee is onder druk aan u gegee is? -- Van druk op?

Druk/...



Druk van u kant af op Barnard. -- Daar was geen druk op Barnard uitgeoefen nie.

En het u ooit die indruk gekry dat hy net moeg geraak het van hierdie aanhouding en die inligting gegee het om die druk op hom te verwyder.

VOORSITTER: Om sy vrylating te bewerkstellig.

MNR. PRETORIUS: Of om sy vrylating te bewerkstellig, het u die indruk gekry? -- Daar was nie druk op hom uitgeoefen nie. In die begin stadium wou hy nie vrygelaat wees nie.

VOORSITTER: Ja, maar wou hy op 'n later stadium? -- Ja, maar toe het ons alreeds 'n verklaring gehad en eintlik die same-werking met Barnard was baie hartlik gewees.

Reg of verkeerd my herinnering is, ek dink dit is in hierdie verband dat die vrae aan u gevra word, Barnard het vir u teenstrydige inligting gegee, het hy nie? -- Hy het inlig-ting gegee en toe het hy later wysigings aangebring daaraan.

Ja, en dan het hy ook, het hy nie ook geweier, het hy nie elke keer sy verklarings begin dat dit nie vrywillig gemaak is nie? -- Hy wou dit nie maak aan 'n offisier nie, ja, hy wou dit nie aan 'n offisier maak nie.

Dit is in daardie konteks wat die advokaat vir u vra, dink

u dat hy dit gedoen het, dat hy sy verklarings gemaak het sodat hy sy vrylating kon bewerkstellig of nie of het u nie 'n besondere indruk nie? -- Nee, ek sal nie sê dat hy doelbewus net 'n vals verklaring sou gemaak het om vrygelaat te word nie.

MNR. PRETORIUS: As u kan probeer asseblief, maar hierdie spe-sifieke instansie in verband met Chikane, het u ooit die indruk gekry dat hierdie inligting vir een of ander rede vals was? -- Vals was?

Ja/...



Ja. -- Nee, daar was, hy was vergiftig of leed aangedoen, so dit was nie vals gewees nie.

Ja-nee, maar ek praat nie van daardie aangeleenthede nie, ek praat net van wat u opgemerk het toe u vir Barnard uitgevra het. -- Op daardie stadium het ek nie rede gehad om hom nie te glo nie.

Ek wil aan u stel, ek wil net die kruisverhoor probeer opsom, dat in die eerste plek dat u vir die publiek en vir die hof voorgegee het en ek praat van die hof in die vrylatings-aansoeke, het u die indruk geskep wat u ondersoek suksesvol of byna suksesvol was op daardie stadium. U het 'n sekere indruk geskep ons het daarmee gehandel, ek wil nou 'n paar stellings wat daaruit volg aan u maak en ek som net op wat u gesê het. -- Maak die stelling.

U verstaan wat ek nou aan u .. (tussenbei) -- Ja, nee maak die stelling.

Tweedens en aan die ander kant weet ons nou dat u frus-trerend stadig met u ondersoek vorder. -- Dit is so.

U het so gesê.

VOORSITTER: Ja, hy sê dit is so. -- Ek herhaal dit weer.

MNR. PRETORIUS: Ek vind dit moeilik om u te hoor, as u net 'n bietjie harder sal praat. -- Ek is jammer.

Ek wil aan u stel dat u was altyd bewus van die feit dat u ondersoek probleme ondervind - ons sal die aard van daardie probleme nou ondersoek en ek dink u het probleme gehad met u ondersoek met hoër gesag, met sensitiewe inligting wat u gekry het en dit het u ondersoek belemmer, wat sê u daarvan? -- Stel net weer die vraag asseblief?

Ek dink dat u het hier sensitiewe inligting ontdek, u moes met hoër gesag uit die aard van die saak konsulteer oor

hierdie/...



hierdie dinge en hierdie aangeleenthede het u ondersoek belem-mer, stadiger laat gaan. -- Sensitief stem ek saam, dit was, ek moes met hoër gesag skakel, maar die skakeling met hoër gesag het nie my ondersoek belemmer nie.

En ek dink altyd was u bewus van die teenstrydigheid wat nou na vore kom, aan die een kant gee u voor een stel van sake of stel feite en aan die ander kant weet ons dat u weinig min gehad het in verband met feite. Ek dink ons het dit gister vasgestel in kruisverhoor deur my geleerde vriend.

VOORSITTER: Met ander woorde wat mnr. Pretorius sê is, u het eintlik meer op bewerings as op feite moes handel. -- Hierdie saak loop net so, dit is weliswaar so dat jy op hierdie stadium van die geveg kan jy nie 'n prima facie saak uitmaak teen iemand nie, maar jy het soveel inligting en feite wat dit korroboreer dat daar wel 'n vordering is.

MNR. PRETORIUS: Ek wil dit verder aan u stel dat u hierdie teenstrydigheid probeer verduidelik het deur om die verskeie verskonings wat u wel geopper het, te opper as verskonings. U het hierdie verskonings gebruik waar ookal hulle gemaak was, om hierdie teenstrydigheid te probeer verduidelik. -- Teen-strydigheid nou?

Tussen waar u wel was met u ondersoek en die feite wat u vir

die publiek en die hof voorgegee het.

VOORSITTER: Ek dink wat die advokaat sê is die volgende, hy sê u het nie feite gehad nie, maar u het die indruk geskep dat u feite het, dit is die eerste frase en hy sê dan die rede hoekom u van inligting of wat ek sou nie feite gebruik gemaak het nie, of u regverdig dit omdat u verhinder is in u onder-soek deur die faktore wat u genoem het. -- Maar dan moet ons net kwalifiseer, praat ons die hele ondersoek soos hy staan

of/...



of praat ons net van Webster in 'n kompartement?

Ons praat van Webster BSB -- As ons praat van Webster BSB dan sê ek nee, in daardie geval het ons feite waarmee ons later hof toe kan gaan, ons het daar prima facie sake. Wat Webster aanbetref op hierdie stadium nie, maar ek het 'n goeie prima facie saak - aktiwiteite wat ons genoem het hier in die kommissie .. (tussenbei)

Ja, die ander goed het u 'n prima facie .. (tussenbei) -- Het ek 'n prima facie saak en as dit BSB betref .. (tussen-bei)

Dan kan u hulle betrek. -- Dan het ons 'n feitlike prima facie saak en ek het geen probleme daarmee nie.

Maar ek dink mnr. Pretorius is net op die oomblik dink ek .. (tussenbei) -- Ek weet nie waar hy nou is, of hy by Webster.. (tussenbei)

Maar ek dink hy is met Webster besig.

MNR. PRETORIUS: Ek is met Webster besig. -- As dit by Webster kom, as ons dit daarby koppel, soos ek reeds gesê het, dan kan ek baie goeie afleidings maak, maar ek het nie 'n prima facie saak nie.

Ek wil aan u stel dat u bewus was van u probleme, aan die een kant het u voorgegee dat u feite gehad het, dat die ondersoek in verband met die Webster saak vorder goed. Aan die ander kant

het u geweet dat op die ou end het u baie min gehad en nog daarby dat u probleme sou ondervind in verband met hierdie sensitiewe inligting wat u gekry het. -- As ek, ek sê weer as ons Webster kompartementeer ja, as ons dit in die geheel vat, geen probleme nie.

En verder ons sal argumenteer en ek is seker dat van my geleerde vriende sal argumenteer dat u hierdie probleme nie

heeltemal/...



heeltemal vir die ondersoek hier verduidelik het nie. -- Watter probleme nou?

Hierdie probleme wat u ondervind, die probleem dat u voorgee aan die een kant dat u feite het dat die ondersoek vorder goed en aan die een kant weet ons dat dit nie so is nie. U het nie bevredigend daardie probleme verduidelik voor die kommissie nie. -- Ek kan dit nie verder vat nie.

Ons sal argumenteer, ek wil nie debateer nie, dit is 'n saak vir argument, maar dit is op daardie punt gelukkig dat ek en my geleerde vriend los van mekaar af. Ek wil aan u stel, u sien daar is geen verduideliking vir hierdie posisie waarin u uself gister gevind het in kruisverhoor geopper deur my ge-leerde vriende en ek wil aan u .. (tussenbei) -- Watter posisie is dit?

Die posisie wat ek nou probeer vir u verduidelik het, die probleme wat u ondervind, die teenstrydigheid tussen aan die een kant wat u geopper het vir die hof en vir die publiek en aan die ander kant wat ons weet was die rerige posisie. Ek wil aan u stel die volgende, u was wel bereid om individueel te beskuldig in verband met die Webster saak, maar uit eie wil .. (tussenbei) -- Ek het niemand beskuldig nie.

Wel om te impliseer by die Webster. -- Ek het niemand im-pliseer nie.

Om op te volg. -- Ek het inligting opgevolg, maar ek het geen name genoem nie, ek het niemand impliseer nie.

Wel in die hofstukke het u, maar ons sal daaroor .. (tussenbei) -- Dit is inligting, ander mense het hulle impliseer, nie ek nie.

Ja, maar u het hulle by name genoem in die hofstukke, maar dit wil ek nie debateer nie, ons het gister daaroor

herhaaldelik/...



herhaaldelik gehandel, maar ek wil aan u stel dat u was nie bereid, aanvanklik nie bereid om staatsinstansies te impli-seer by die feite by die ondersoek by die Webster-moord, of op instruksies of op eie wil. -- Ek het opdrag van my Minister gehad en my Kommissaris om hierdie aangeleentheid oop te vlek. So, ek sien nie waar ek in daardie opsig gekortwiek was nie, ek het die opdrag gehad en ek voer dit uit na die beste, daar kom probleme, die kan 'n mens voorsien, en jy moet saamleef daarmee.

VOORSITTER: Al punt wat die advokaat aan u stel is wat hy wil weet is, het u uself geïnhibeer of beperk gevoel op die basis dat u wil nie aan die Weermag vat nie of u is bang om aan die Weermag te vat. -- Ek het aan hulle gevat, ek kan nie sê dat ek bang is om aan hulle te vat nie, maar omdat jy so 'n groot instansie het en dit is 'n staatsinstelling, is die benadering anderste as in 'n gewone moordsaak waar 'n man met 'n mes doodgesteek is - is die opset heeltemal anderste, want politiek kom ook daarin, maar ek moet sê dat ek van owerheids-kant af nie probleme gehad het nie.

MNR. PRETORIUS: Daar is 'n moontlike tweede verduideliking en dit is dat al het u daardie instruksies gekry wat u sê u het gekry, wou u die tipe inligting weerhou uit die publieke oog omrede u wil nie staatsinstansies embarrasseer nie. -- Die stelling ontken

ek, die feit is dat aan die einde van die dag sal dit openbaar word, maar die inligting wat ons gehad het is dat as ons te veel krap dat mense na die Buiteland toe sal gaan en dit wou ons verhoed, tot 'n sekere mate beperk aangesien met die aanhoudingsartikel 29 die ondersoek nie so vinnig kan vorder nie, want dit is 'n langdradige proses en jy kan nie 20 mense aanhou en jy moet hulle ondervra en jy het

nie/...



nie die mense om hulle te ondervra nie, so daar het ons beperkings gehad, maar ons het voortgegaan.

Ek wil net 'n kans vir u gee om kommentaar te lewer oor wat ons mag in die toekoms argumenteer oor die getuienis en dit is dat dit volg eerstens uit die feit dat u die betrokken-heid van die BSB nie wou openbaar nie. Tweedens dat u vir die hof in die vrylatingsaansoeke voorgegee het dat 'n private instansie betrokke was en nie 'n staatsinstansie betrokke was nie. -- Dit is waarom ek die regstelling gemaak het, ek het hier genoem dat ek nog feite het wat ek op hierdie stadium nie weens die sensitiwiteit daarvan nie aan die hof kan openbaar nie en dit is deur die regters aanvaar.

Dit is nie die feit dat ons nou debateer nie, dit is die gevolgtrekkings wat ons mag argumenteer gemaak word uit daardie feite uit. -- Dit is u goeie reg.

Derdens, wat ons nog onverklaarbaar beskou is dat u nooit voor Februariemaand poging gemaak het om dokumente te kry nie. Ek stel aan u u was bang dat die dokumente hoër gesag in die Weermag sou impliseer in hierdie aangeleenthede. -- Ek ontken dit.

Nog 'n feit wat ons daarby wil sit is dat u het gevoel om Barnard te impliseer en te arresteer, moet u die Minister se toestemming daarvoor kry, u het dit nodig geag. -- Aangesien dit 'n Weermag-instansie was is dit net etiket dat die Minis-ter

ingelig word sodat die Minister sy kollega kan inlig.

Nou net 'n paar vrae mnr. die Voorsitter, u het gesê in u getuienis dat u nie Verster en andere weer wou arresteer of ondervra nie omdat dit gesien sou word as intimidasie. -- Ja, dit is korrek.

Deur wie sou dit as intimidasie gesien word? -- Die feit

kon/...



kon geopper word.

Die algemene publiek? -- Nee.

Deur wie? -- Sy regspan, hyself.

Ja, maar u het werk om te doen. -- Dit is korrek.

U het instruksies van die hoogste gesag gekry om hierdie ding uit te sorteer vir ewig en altyd.

VOORSITTER: Ja, maar mnr. Pretorius, ek dink dat as u reg sal onthou dan het Verster 'n subpoena ontvang na sy arres en hy is vrygelaat ten einde te kom getuig en die hele kwessie of hy gearresteer gaan word onder artikel 29 voordat hy kan getuig, dit is waaroor dit gaan, is met my geopper en ek dink nie u moet die getuie hieroor ondervra nie, want hy dra nie kennis daarvan nie.

MNR. PRETORIUS: Dek dit ook, ja, ek sal dit nie verder voer nie.

VOORSITTER: Want ek het vir u gesê wat my persoonlike siening is oor die gebruik van artikel .. (tussenbei)

MNR. PRETORIUS: Ja, ek sal dit nie verder voer nie. Een laaste vraag of twee, die dienspligtige wat betrokke was by die eerste stel identikits, weet u wat van hom geword het? Is hy gedissiplineer? -- Nee, ek weet nie wat van hom geword het nie.

Weet u of hy wel gedissiplineer is of sê u u weet nie? -- Nee, ek weet nie, ek dra nie kennis nie.

Het u probeer uitvind? -- Nee, ek het nie meer belang by hom nie.

Hoekom nie? -- Nee, hy is terug na sy Weermagbasis toe.

As 'n lid van die Weermag 'n dag of twee na die voorval so probeer verwar is dit nie belangrike inligting nie? -- Op daardie stadium nie.

Hoekom/...



Hoekom nie? -- Daar was geen konotasie met Webster se moord en die Weermag nie. Op daardie stadium, op 1 Mei was daar geensins so 'n aanduiding nie.

Wanneer het u vir die eerste keer uitgevind, kan u min of meer onthou, u het gesê voor 18 Junie, dink ek, u het uitge-vind alreeds dat hierdie inligting verkeerd was. -- Ja, dat hy verkeerd was.

En toe het u hierdie man probeer opspoor en ondervra. -- Watter man praat u nou van?

Die dienspligtige. -- Ons het hom tot ons beskikking gehad.

En het u hom ondervra?

VOORSITTER: Hy het self na vore gekom. -- Hy het self na vore gekom en ons het hom baie deeglik ondervra.

MNR. PRETORIUS: Dit is toe hy vir die eerste keer .. (tussen-bei) -- Presies en daarna het ons weer deeglik ondervra en toe agtergekom dat die man het ons mislei.

Ja, en het u hom gevra wat sy motivering vir dit was, het u dit uitgevind? -- Adjudant-offisier Rossouw het met hom gewerk, ek dra nie daar persoonlik kennis nie.

Ek is seker dat 'n man in u posisie sou probeer uitvind van die ondervraging. Hier is 'n man wat u probeer mislei het, ernstig probeer mislei het, hy kom van die Weermag af en u sê as ek korrek aflei, u stel nie belang in sy verdere on-dervraging nie, ek vind dit vreemd. -- U het gepraat van dis-siplinêre stappe, so, ek weet nie, ons het hom klaar ondervra, ons was klaar met

hom. Hy is 'n onbelangrike getuie, hy word nie verder benodig nie - stuur hom terug na sy kamp toe. Wat moet ek anders met hom maak?

Maar ek wil net daardie antwoord kortliks toets. Hier is

'n/...



'n man van die Weermag wat u ernstig wil mislei, sê u vir mnr. Die Voorsitter dat u weet vandag nog nie wat sy motivering was nie? -- Nee, ons weet nie. Hy het in elk geval 'n halfuur na die voorval op die toneel opgedaag en toe ons nou sy storie toets toe vind ons dit is nie korrek wat hy beweer nie.

Ja, maar dit is die motivering wat belangrik is, is dit nie? -- Daar is ander persone ook wat ook bewerings gemaak het wat teenwoordig was en toe ons hulle toets, toe vind ons ook dat die mense kon nie daar gewees het nie. Nou wat die mense se motivering daarvoor is, sal die Vader alleen weet, ek weet nie. Een persoon probeer aandag trek, 'n ander een probeer publisiteit vang, dit is een van daardie dinge.

<u>KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. GOOSEN</u>: Kan u net vir ons sê hoeveel keer het u kontak met Barnard gehad voor sy arrestasie in terme van 29, eers artikel 40 en daarna 29? -- U wil nou weet?

Hoeveel keer het u kontak, u ondersoekspan met hom kontak gehad, hoeveel keer is hy ingebring vir hierdie vrywillige ondervragings? -- Ek weet van een keer wat ek persoonlik saam gewees het, wat ek 'n paar vrae aan hom gestel het. Ek weet op 'n later stadium het hy weer ingekom. Daar was weer onder-handel met hom en toe moes hy na Pretoria toe kom en hy het 'n hele paar keer ingekom, dit is nou hier in die heel begin sta-dium, dit was voordat hy onder artikel 40(1)(b) arresteer was. Nee, dit is presies waarvan ek praat. As Barnard sê dat hy op 'n betrokke dag ingekom het - deur kol. Jumbo Smit ondervra is met ander teenwoordige

offisiere, ek dink onder andere kol. Cole en dat u nie teenwoordig was nie, maar dat hy later die middag na u toe geneem is sal u daarmee saamstem? -- Daarmee stem ek saam, ja.

Na/...



Na aanleiding van daardie gesprekke is daar 'n visente-ring by sy huis gedoen, kan u onthou, in u opdrag, hy was teenwoordig toe u gesê het: "Nou maar goed jy praat van hier-die organisasie van sakemanne, die manne sal nou by die huis gaan kyk wat hulle kan kry." -- Dit is moontlik.

Sal u saamstem dat dit die volgende dag is wat hy Pretoria toe gebring is om indentifikasie-sketse op te stel? -- Dit is reg, hy het vir ons sketse opgestel.

Volgens Barnard is dit die vrywillige ondervragings waarna u verwys, kan u dit betwis?

VOORSITTER: Met ander woorde daar was nie verdere ondervra-gings nie.

MNR. GOOSEN: Waar hy in persoon teenwoordig was. -- Wat ek in persoon, ek weet daar was, hy het weer ingekom, hy moes Pre-toria toe kom en die afspraak kon nie nagekom word nie, toe het hy later nie weer teruggekom nie. Ek was nie persoonlike ondervraging verder nie.

Laat ek dit so aan u noem, ondervragings, ek praat nie van bel om afsprake te maak en inkom om 'n afspraak na te kom by ander afdelings van die polisie nie, ek praat van onder-vragings. -- Nee, ek het nie verdere ondervragings met hom gehad nie.

Nou is ons dit eens dat u het 'n paar keer in u getuie-nis verwys sydelings na hierdie sakemanne organisasie, dat dit op daardie stadium die organisasie was waarna verwys is? -- Ja, dit is wat Barnard ons vertel het.

Ja, hy het vir u gesê dat hy dra kennis van 'n konsortium

van sakemanne. -- Dit is korrek.

Wat getref word deur die sanksieveldtog teen Suid-Afrika. -- Dit is korrek.

En/...



En dat daardie sakemanne samel inligting in oor hierdie vyande. -- Dit is korrek.

Wat dan die sanksieveldtog van stapel stuur. -- Heeltemal korrek.

Is dit die inligting wat hy vir u gegee het oor die orga-nisasie? -- Dit is inligting, ja.

En as u ruimte laat vir 'n private organisasie dan aanvaar ek dit is die organisasie wat u verwys na voor Barnard se aanhouding. -- Dit is korrek.

As u in hofstukke sou melding maak van 'n organisasie, 'n geheime organisasie voor Barnard se aanhouding waarvan u kennis gedra het dan is dit hierdie organisasie van sakemanne en niks anders nie? -- Dit is korrek.

U het gister van tyd tot tyd getuig dat u feite en inlig-ting bekom het ten aansien of ten opsigte van dr. Webster se moord, is dit reg, dit is voor Barnard se arrestasie, in terme van artikel 40. -- Oproepe, ja.

En in BEWYSSTUK C.20 het u aanvaar ek, so noukeurig as moontlik hierdie feite en omstandighede of inligtingbrokkies het u uiteengesit in 'n kronologiese datum gewys orde, is dit korrek? -- Min of meer ja, dit is korrek.

Nou, net om u vinnig daardeur te vat, ek gaan nie op enige van hulle lank stilstaan nie, u het 'n naamlose oproep ontvang waarna u verwys het dat iemand van spesiale magte by hierdie moord betrokke was, en ons verwys net na dr. Webster se moord en ons verwys net na voor Ferdie Barnard se arres-tasie. -- Artikel 40.

Toe het u getuig, dit kom nie in u verklaring juis voor nie, dat 'n Botes-kêrel het melding gemaak van die BSB as synde 'n organisasie wat betrokke sou wees by dr. Webster se

moord/...



moord. Hy het dit vir genl. Joubert gesê. -- Ja, nie vir my persoonlik nie, dit is inligting wat ek op 'n later stadium gekry het.

Stem u saam dat hierdie twee feite wat hier in u eeds-verklaring vervat is, C.20, dat dit twee brokkies inligting is, dit is nog nie feite nie, dit is maar net inligting. -- Dit is net inligting.

In paragraaf 4.5 kom u nou die eerste keer na iets wat u verhef na feite, stem u met my saam, u sê dat u het inligting verkry dat Asherson of daar is inligting van Asherson verkry wat aan u oorgedra is as gevolg waarvan daar 'n verbintenis met Barnard verkry is, is dit korrek? -- Dit is korrek.

Dit is nou nog voor sy arrestasie. -- Dit is korrek.

En ek aanvaar dit is een van die belangrikste redes waarom u hom genader het vir vrywillige ondervraging. -- Dit is korrek.

Hierdie was 'n feit wat u kon vasstel, stem u saam? -- Ja, dit is.

Is dit korrek dat die feite is dat daar in Asherson se besit 'n nommer was .. (tussenbei() -- In sy sakboek ja.

Van sy roepeenheid, ja, en dat daardie roepeenheid is teruggevoer na Ferdie Barnard. -- Dit is korrek.

Of na iemand anders wat toe Ferdie Barnard was, daar was 'n naam, 'n ander naam gewees. -- Ja, daar was 'n ander naam gewees.

So, dit is die eerste feit wat u gehad het, stem u saam? -- Dit is reg.

Daar is 'n verbintenis tussen 'n persoon in Windhoek wat

aangehou word en hierdie Ferdie Barnard. -- Dit is korrek.

Die volgende brokkie inligting wat nou nie feite is nie, is/...



is iemand wat die Black Sash gebel het, is dit reg? -- Dit is korrek.

En wat 'n bewering maak dat die persoon wat Lubowski ver-moor het is dan ook die persoon wat vir dr. Webster vermoor het. -- Dit is korrek.

As 'n mens kyk na C.20 dan lyk dit asof u hier oor 'n tydperk die volgende feit vasgestel het en dit is naamlik dat Ferdie Barnard betrokke was by monitering van 'n persoon by name Bruce White, is dit reg? -- Dit is korrek.

U het dit as 'n feit ontvang. -- Dit is 'n feit.

En u het ook geweet op daardie stadium dat Calla Botha by daardie monitering betrokke was. -- Ja, dit is reg.

Dit het u as 'n feit geweet. -- Dit is reg.

Nou die laaste ding wat u sê voor Barnard se arrestasie, is dat hy vir u gesê het in ondervraging en u sê dit in 4.9 van daardie eedsverklaring dat hy bewus was van 'n geheime organisasie wat hom in die breë beywer het om met geweld en intimidasie 'n skrikbevind onder radikales te voer, is dit reg? -- Dit is reg.

Maar dit is nie heeltemal korrek nie, is dit, Barnard het dit nooit vir u gesê voor sy arrestasie nie, hy het dit mis-kien na sy arrestasie in sy eerste skriftelike verklaring gesê. -- Nee, voor sy arrestasie het hy al van hierdie geheime organisasie gepraat maar toe het die Mquillin-storie ook aan die lig gekom.

Ek stel dit aan u dat daar nie sprake van intimidasie en 'n skrikbewind was voor sy arrestasie nie. Ek stel dit aan u dat al wat hy vir u gesê het is daar bestaan 'n groep invloed-ryke sakemanne uit alle vlakke van die samelewing wat daarop uit is om inligting in te win oor hierdie vyande van die

Republiek wat met die sanksieveldtog te doen gehad het. Hy het niks van skrikbewind en intimidasie gepraat voor arrestasie nie. -- Nee, dit is nie heeltemal korrek nie.

Wel, ek het netnou aan u gevra of dit is wat hy vir u gesê het en u het gesê dit is korrek. Waar kom die intimidasie en skrikbewind nou, op watter wyse het hy vir u gesê voer hierdie sakemanne nou 'n skrikbewind en intimidasie? -- Onder andere was hy as gevolg van die McDermon episode wat wel hier inpas as u met my saamstem, het die organisasie van sakemanne baie hard teen hom opgetree. As gevolg daarvan het hy vertel van die operasies van hierdie mense. U sien hulle het hom gestraf as gevolg van .. (tussenbei)

VOORSITTER: Maar die operasies het hy mos eers vir u van vertel na sy aanhouding. -- Ja, maar toe beweeg ons weg van hierdie hoe sal ek nou sê, toe beweeg ons weg meer na spe-siale magte toe en BSB toe, maar hier voor die tyd, dit was eintlik 'n bietjie verwarrend gewees, het hierdie organisasie van sakemanne, dit was die doel gewees, hy moes ook bereid gewees het om te reis en paspoorte gehad het en daardie tipe ding... (tussenbei)

Nee, maar die vraag is het hy vir u besonderhede gegee voor sy arres dat hierdie organisasie, van spesifieke gevalle waar hierdie organisasie by betrokke was of het hy dit maar eers na sy arres geopper? -- Daar was gesels voor en na die arres.

Ja, dit weet ons. -- Dit is 'n feit.

Ja, maar al wat die advokaat wil weet is, het hy voor of na die arres begin met sy lys van optredes van die organi-sasie? -- Eintlik na sy arres.

Goed, dit is in ooreenstemming met my instruksies dat

waar u oral onder eed gegaan het en gesê het dat voor Barnard se arrestasie hy vir u van 'n groep, 'n geheime organisasie vertel het wat 'n skrikbewind en intimidasie gevoer het dat dit nie korrek is nie. -- Waar noem ek dit in my beëdigde ver-klarings, kan ons net teruggaan, kan ons net soontoe gaan.

Ek sal u daarna verwys, u sê dit orals. -- Laat ons net spesifiek wees.

Kom ons gaan dan maar vir 'n begin na die beëdigde ver-klaring wat u gemaak het in Ferdie Barnard se tweede aansoek en u sal onthou dat adv. Visser dit baie pertinent gestel het dat u die eedsverklarings maak met kennis voor arrestasies, kan u dit onthou? -- Dit is reg.

Soos u in 3.1 en dit was toe paragraaf 3 te berde was wat dit ter sprake gekom het: "Sedert ek betrokke geraak het by die ondersoek na die moord op dr. Webster soos gemeld, het dit aan die lig gekom dat daar 'n geheime organisasie in die land bestaan het met lede uit alle vlakke van die maatskappy wat hom in die breë beywer om met geweld en intimidasie 'n skrik-bewind onder linkse radikales te voer" en dan gaan u voort die organisasie is verantwoordelik vir dit en dit en dit. Goed u maak hierdie eedsverklaring na sy aanhouding, maar dit slaan klaarblyklik op die inligting wat u gehad het voor sy arrestasie. -- Dit is korrek, as ons net kwalifiseer daar. Op daardie stadium het ons hom al klaar verbind met die moord.

Met die gewelddade. -- Met die geweldsdade.

Ja, maar al punt wat ek aan u maak is dat u sê dat voor sy arrestasie het hy aan u daardie mededeling gemaak, dit kom ook in C.20 voor. -- Dit is korrek.

Daar sit u dit stapsgewys voor arrestasie uiteen. -- Ja, dit is korrek.

U/...

U sê einde September begin Oktober, die ondersoekspan praat met Barnard. In hierdie stadium deel Barnard mee dat daar binne die Republiek 'n geheime organisasie bestaan met lede uit alle vlakke van die maatskappy wat hom in die breë beywer om met geweld en intimidasie 'n skrikbevind onder linkse radikales te voer. Geen twyfel nie, u sê dit in April. -- Ja.

So, dit is nie in korrek nie, want hy het dit nooit voor sy arrestasie gesê nie. -- Nee, dit is voor sy arrestasie, want hierdie verklaring deel net met wat voor sy arrestasie gebeur het.

Korrek, u het nou net toegegee dat Barnard het nie van 'n skrifbewind en intimidasie gepraat voor sy arrestasie nie, hy het dit na sy arrestasie gesê. -- Ook na sy arrestasie, maar die geweldsmisdaad was daar, waaroor ons hom toe alreeds verbind het.

Ons sal nou daarby kom. Die enigste vraag wt ek vir u vra het Barnard vir u vertel van, u het geweet van moorde en optredes en linkses wat aangeval word en huise wat verbrand word, ek gee toe dat u van hierdie goed geweet het. -- Presies.

Die enigste vraag is het Barnard vir u gesê dat hierdie organisasie waarvan hy praat voer daardie skrikbewind onder linkse radikales en u antwoord was nee, hy het dit eers na arrestasie begin toegee. -- Nee, ek sal my kwalifiseer daar. Hy het dit, voor sy aanhouding het hy dit vir ons gegee.

Wel, ek stel dit aan u, u het netnou toegegee dat hy dit voor arrestasie nie vir u gesê het nie. Ek sal dit daar laat. Nou, soos u paragraaf 4 uiteensit tot en met Barnard se arrestasie, die insidente wat ons nou van gepraat het, die

brokkies/...



brokkies inligting en die feite, het ek u gister verstaan om te sê dat u hierdie feite en inligting gehad het voor Barnard se

arrestasie in terme van artikel 40, is dit reg, al hierdie feite en inligting wat ons nou oor gepraat het. -- Ja.

U het dit gehad voor sy arrestasie. -- Voor sy arrestasie.

En ek het u gister voorts verstaan om te sê dat hierdie feite en inligting nie toe vir 'n hofsaak geskik was nie, en dat dit vandag nog steeds nie vir 'n hofsaak geskik is nie, is dit, het ek u reg verstaan? -- Ja, dit is nie.

Is ek reg as ek sê dat op die stadium toe u moes begin oorweeg of u Barnard gaan arresteer, u sterk suspisies en vermoedens gehad het dat hy betrokke kon wees by van hierdie dade waarvan u kennis gedra het en wat u ondersoek het. -- Eintlik dat hy vir my inligting kan gee, en moontlik betrokke.

Wel, u het 'n suspisie gehad. -- 'n Suspisie, ja.

Vermoede gehad, vermoede dat hy moontlik betrokke kan wees. -- Dit is presies.

Dit is al wat u gehad het. -- Ja.

VOORSITTER: Maar voor sy arres het u vermoede hom met wat verbind, tog net maar moontlik die Webster en die Lubowski-moorde, nie iets anders nie. -- En dan die monitering van Bruce White.

Ja, maar dit is nou nie 'n misdaad nie. -- Maar as ons, dit is 'n radikale wat vir een of ander doel onder observasie gehou is.

Maar dit is nie 'n misdaad nie. -- Nee, dit is nie 'n misdaad nie, maar .. (tussenbei)

Die vraag is aan watter misdade het u hom in u kop verbind voor sy arres onder artikel 29. Al wat ek aan kan

dink/...



dink is .. (tussenbei) -- Ek sit dit hier uiteen.

Die enigste waarvan u kennis gehad het op daardie stadium

is die moorde op adv. Lubowski en dr. Webster. Al die ander goed het u na die tyd van gehoor. -- Ja, op daardie stadium was dit net die geval van adv. Lubowski en dan die inligting van .. (tussenbei)

Webster. -- Ja, die bietjie inligting omtrent Webster en dan die Bruce White geval.

Ja, maar Bruce White was nie 'n misdaad nie. -- Dit was nie 'n misdaad nie.

MNR. GOOSEN: Kan ek u net help, u het nie inligting gehad oor dr. Webster nie, u het inligting gehad oor Bruce White en dit het u geneem na Webster toe. -- Na Webster toe.

U het geen inligting of feite gehad ten aansien van sy betrokkenheid .. (tussenbei) -- Nie van Barnard nie.

VOORSITTER: Nee, ons het gevra op wat sy geloof was, nie feite nie, dit is die vraag.

MNR. GOOSEN: Soos dit u behaag. Maar u het ook nie feite of inligting gehad ten aansien van Barnard se betrokkenheid by Webster nie, u het daardie inligting gehad oor Bruce White. -- Oor Bruce White en sy betrokkenheid by Webster en dan die Lebowski-aangeleentheid.

Is ek reg as ek sê dat toe u hierdie gewigtige besluit moes neem of u as speurder van artikel 29 gaan gebruik maak en dit word mos normaalweg deur die veiligheidstak van die polisie gebruik, u stem daarmee saam. -- Dit is korrek.

Toe het u nog geen inligting of feite gehad wat nie, u het slegs feite en inligting gehad wat gekontroleer en gesif moes word en waarvan nog iets gemaak moes word, voor u nou vir Barnard gearresteer het. -- Dit is reg.

En/...



En stem u met my saam dat daar by niemand enigsins sekerheid

was op die stadium wat hy gearresteer is dat hy nie betrokke was nie, dit was juis die doel van sy arrestasie om vas te stel of hy miskien betrokke is. -- En of hy inligting het.

Ja, stem u saam met daardie stelling? -- Dit is korrek, maar hy was toe reeds deur ondersoek verbind met Lebowski en Asherson.

Met Asherson, ja. Ons praat nou van dr. Webster. -- Die enigst is wat ons reeds genoem het, ja.

Daar was geen sekerheid in u gemoed dat hy betrokke was by dr. Webster se moord nie, u het net bietjie inligting hier, bietjie feite hier en dit moes nog uitgekristalliseer het. -- Presies.

Daar was nog baie twyfel oor presies wat hieruit gaan broei as hy aangehou gaan word? -- Presies, ons het nie geweet watse inligting hy vir ons gaan gee nie.

Nou wil ek vir u u eedsverklaring in die Barnard aansoek voorlees en wel paragraaf 3.6 daarvan dan sê u vir die Kommissie wat u vir die hof in daardie aansoek probeer sê het, op bladsy 8 sê u: "Uit hoofde van die antwoorde wat die aange-houdende tydens ondervraging verstrek het" nou wil ek net weer vir u daarop wys dat die ondervraging wat u hier na verwys slaan op die ondervraging in die voorafgaande paragraaf 3.5 en dit is daardie vrywillige onderwerping aan ondervraging en dan sê u hier in hakies: "Hy het alle kennis van en betrokkenheid by die organisasie die moorde en ander optredes ontken en as gevolg van verdere inligting wat daarna bekom is wat sy betrokkenheid bo twyfel plaas, bo twyfel geplaas het, onder-streep dit maar brigadier dan sê u vir ons hoekom het u dit

onder/...



onder eed vir 'n hof op daardie stadium gesê in die lig van wat u nou getuig het. -- Toe hy hom vrywillig onderwerp het op daardie

stadium het hy gesê na die McDermot geval was hy uit die organisasie, hulle het nie weer kontak gemaak met hom nie en hy was toe ondervra oor Lubowski se moord omrede dat hy was verbind met die pager en met Archison. Hy het alle kennis omtrent die moord op Lubowski ontken en Webster, maar bo alle twyfel het ons hom betrokke gekry by Lebowski deur Archison as gevolg van die pager.

VOORSITTER: Nee, maar die advokaat sê wat u in u verklaring sê is dat na sy ontkenning het u hom bo alle twyfel gekoppel, maar hy is al voor sy ontkenning gekoppel deur die pager soos ek dit verstaan, maar die advokaat slaan klem daarop dat na sy ontkenning. -- Nee, hy is nie na sy ontkenning, hy is voor die tyd gekoppel met die pager en dit is 'n onomstootlike feit, maar hy het nie die moord erken nie, hy het ook nie sy betrok-kenheid daar erken nie.

MNR. GOOSEN: Al wat ek vir u probeer sê is dat u het nou net toegegee dat op die stadium toe daar besluit moes word of Barnard gearresteer sal word al dan nie, daar allermins nie meer ruimte vir twyfel was ten aansien van sy betrokkenheid nie. -- Daar was twyfel.

En hier kom sê u vir 'n hof u het maar hier en daar 'n paar brokkies goed gehad, die feit dat hy vir Bruce White gemonitor het maak hom betrokke by dr. Webster se moord, is dit wat u vir die hof nou sê? -- En die feit dat hy met die pager betrokke is by Archison.

Al wat ek vir u sê is dat u het hierdie stelling gemaak om sy vrylating .. (tussenbei)

VOORSITTER: Herhaal net die stelling weer, lees net weer die

stelling/...



stelling voor ek het.

MNR. GOOSEN: Die passasie?

VOORSITTER: Ja, want ek dink die brigadier is nie heeltemal meer

by u nie.

MNR. GOOSEN: U het gesê in paragraaf 3.6 uit hoofde van die antwoorde wat die aanhoudende tydens ondervraging verstrek het en dan sê u in hakies van alle kennis wat hy ontken het en as gevolg van verdere inligting wat daarna bekom is, wat sy be-trokkenheid bo twyfel geplaas het, het dit vir my duidelik geword dat die aangehoudende besig was om waardevolle inlig-ting met betrekking tot die Lubowski-moord, die Webster-moord en die geheime organisasie van die polisie te weerhou. Die laaste gedeelte mag reg wees, ek ontken dit nie. -- Watter gedeelte is reg?

U sê vir die hof, die laaste gedeelte het dit vir u duidelik geword dat hy besig is om inligting te weerhou, ek twis nie met u daaroor nie, ek twis met u oor die feit dat u vir die hof in hierdie aansoek gesê het dat voor sy arrestasie was daar by u geen twyfel, want bo twyfel beteken daar is nie twyfel nie, dat hy betrokke was by Lubowski se moord, Webster se moord en die geheime organisasie en dit het u netnou gesê is nie die posisie nie. Dit is die stelling wat ek aan u maak. -- Ek kan net gaan volgens wat ek nou hier gesê het.

VOORSITTER: Kan ek u die volgende vra, u was u hele lewe lank 'n speurder. -- Dit is korrek.

U was nooit by die veiligheidspolisie nie. -- Nee, ek was daar ook 'n rukkie.

Maar nou in die jare as speurder het u as 'n lid van die speurtak ooit vantevore gebruik gemaak van 'n aanhouding onder artikel 29? -- Nee, toe was ons nog nie artikel 29 nie, ons

het/...



het nog die 90 dae en die 180 dae gehad.

Ja, maar het u as speurder in u hoedanigheid as speurder ooit in u lewe iemand vir 90 of 180 dae aangehou, onder artikel 29.

-- Ja, in ondersoeke het ek mense artikel 90 en artikel 180 aangehou, toe ek veiligheidsondersoeke gedoen het, maar nie in gewone kriminele kry 'n mens min daarmee te doen.

Het u al ooit daarmee te doen gekry? -- Nie tot op hier-die stadium nie.

MNR. GOOSEN: Ek maak net die laaste stelling om dit af te sluit dat ons net seker maak dat ons nie verby mekaar praat nie, u het deur hierdie stelling het u by die pers ook in die wêreld ingestuur dat daar by u geen twyfel bestaan het voor hierdie man se arrestasie, dat hy betrokke was, u gebruik geen ander woorde nie, u sê nie dat hy inligting het oor die moorde of mense wat die moorde gepleeg het nie, dat hy betrokke was by onder andere dr. Webster se moord. Stem u saam dat dit is .. (tussenbei) -- Hier sê ek hy het alle kennis van die organisasie en die moorde ontken. Kan ons net kom waar u daar sê dat hy .. (tussenbei)

Dat u dit sê. -- Nee, waar staan dit dat ek hom beskuldig van Webster se moord?

U maak die eedsverklaring waarin u sê dat as gevolg van die inligting wat u bekom het, dat inligting bekom is wat sy betrokkenheid bo twyfel geplaas het. Dit is u waarde oordeel op daardie inligting. -- Betrokkenheid, hoe ver vat ons dit, hy is betrokke by Archison en Archison is betrokke by die moord.

Ek sal dit vir argument laat verder. Ek stel dit net aan u u stuur hiermee in die wêreld in .. (tussenbei)

VOORSITTER: Ja, dit is ook argument.

MNR./...



MNR. GOOSEN: Dat hy betrokke is by hierdie moord. -- Ek het dit nie ingestuur nie, ek het dit nêrens gesê nie, ek het gesê hy mag inligting hê omtrent die moord.

Ek wil nou net so vinnig deur u verklaring gaan wat u

aanvullend gemaak het tot die verklaring van 5 Mei, die een van 10 April. In 6.1 sê u: "Inligting is bekom van Barnard en ander inligting bronne." Dit is nou op 10 April wat u dit sê. Is daar enige rede hoekom u Barnard hier uitsonder en nie die ander persone wat ook aangehou is van tyd tot tyd nie? -- Dit was 'n verwysing gewees na hierdie eedsverklaring, daarom word Barnard se naam genoem.

VOORSITTER: As u kyk na paragraaf 2 dan sal u sien dit het gegaan oor, hy moes daardie paragraaf 3.1 in Barnard se ver-klaring moes hy verduidelik.

MNR. GOOSEN: Kom ons vat nou net 6.2, hoekom praat u slegs van, hoekom is daar slegs 'n verwysing na die moord op Lebowski hierso, hoekom het u net hierdie geval in gedagte? -- Ek dink dit is net om die antwoord te verstrek.

Is dit maar 'n voorbeeld wat u wou noem? Kon u nie daarna verwys soos deurentyd na beide adv. Lubowski en dr. Webster nie?

VOORSITTER: Wat die advokaat die punt maak is die volgende, u is gevra na watter handeling het u verwys onder andere moord en in antwoord op die moordpunt het u gesê adv. Lubowski, nou lei die advokaat hieruit af u het nie gesê dr. Webster nie en in hierdie verklaring van u verbind u nie die BSB met dr. Webster se moord nie. Met ander woorde was hy sê dit beteken dat toe u Barnard se verklaring gemaak het, het u nie die BSB met dr. Webster se moord verbind nie. -- Ek het net hier verduidelik oor die kwessie van moord wat wel bewys kan

word/...



word.

MNR. GOOSEN: Die advokaat-generaal of die staatsaanklaer van Namibië dink waarskynlik ietwat anders as u daaroor. Kan ek u verwys dan nou die volgende paragraaf 6.3. Het Barnard vir u

enigiets oor Gavin Evans gesê?

VOORSITTER: Altans het hy gesê dat daar 'n poging tot moord of sameswering tot moord .. (tussenbei) -- Nee, ek dink nie Barnard het dit vir my gesê nie.

MNR. GOOSEN: En Dullah Omar? -- Dullah Omar, ja.

Wat het hy vir u in die verband gesê? -- Dat hy observasie gehou het by Dullah Omar ensovoorts en dat Dullah Omar vermoor moes word.

Het hy dit vir u gesê dat Dullah Omar vermoor moes word.. (tussenbei) -- Wel, dit is deel van sy 29 verklaring, ek dink nie ek is by magte om dit verder as daar te voer nie.

Wel u skep die indruk so ek kan net sowel die feite reg-stel, hierdie skep dalk die indruk dat Barnard inderdaad in 'n 29 verklaring vir u so iets gesê het en wat ek aan u wil stel is hy het nie, hy het gesê hy het vir Dullah Omar gemonitor. -- Dit is reg.

En dit is al. -- Hy het gepraat van Dullah Omar.

Maar hy het niks gesê van moor of elimineer nie. Daardie brokkies inligting het u seker van Peaches gekry. -- Nee.

Of van Slang van Zyl, u het dit nie van Barnard gekry nie. -- Slang van Zyl en Peaches en van Barnard. Hy het hom gemonitor, dit is heeltemal korrek.

Maar hoekom luister u nie net wat ek vir u vra nie. Ek vra net vir u of Barnard vir u gesê het dat daar sou pogings of sameswerings tot moord op onder andere Dullah Omar was en die stelling wat ek aan u maak is hy het dit nie vir u gesê

nie/...



nie, hy is nie die bron van u inligting hier nie. -- Barnard is heeltemal korrek, moes vir Dullah Omar monitor, maar hy het omringend inligting gegee, die dinge wat hy self gedoen

het.

6.4 is Barnard die bron van hierdie inligting? -- Van die motorkar?

Ja. -- Van wat Calla Botha sou gebrand het, dit is korrek, die inligting het ek by hom gekry.

Het hy vir u gesê Calla Botha het Roskam se motor uitge-brand? -- Dit is korrek.

My instruksies is om dit aan u te stel dat dit nie die geval is nie. -- Dit is u reg.

6.5 Chikane? Het u hierdie gesprek, ek dink ek het u ge-tuienis verstaan dat hierdie word nie in elk vervat in artikel 29 verklaring nie, is dit korrek? -- Nee, ek glo nie, ja.

En as ek u getuienis ook verstaan het dan is dit ook nie 'n gesprek waar u teenwoordig was nie. -- Nee, dit was aan my gesê, dit was in 'n gesprek.

Dit is aan u oordra. -- Nee, ek was teenwoordig gewees hier, wat ons oor hierdie aangeleentheid gesels het.

U en Barnard? -- Ek en Barnard, ja.

Barnard ontken dit. Hy sê u, u het aanhoudend die paar kere wat u gepraat het maak u suggesties oor die BSB en staatsbetrokkenheid en u vra vir hom of hy daarvan kennis dra dat die BSB daarby betrokke is en u noem vir hom die gevalle, die gevalle word in sy mond gelê deur u en die onder-soekspan. -- Nee, dan sal ek vir u 'n bandopname moet speel, maar dit is definitief nie die geval nie.

VOORSITTER: Ek moet net, ek dink my indruk is reg dat nie ek nie, maar mnr. McNally hulle het die beëdigde verklaring van

Barnard/...



Barnard wat hy voor die kommissie gelê het gekontroleer teen sy artikel 29 verklaring, is dit reg mnr. McNally?

MNR. McNALLY: Ons het, daar was meer as een verklaring onder artikel 29.

VOORSITTER: En ek dink was daar enige teenstrydighede mnr. McNally?

MNR. McNALLY: Daar was teenstrydighede tussen die twee verklarings, die twee of meer verklarings onder artikel 29.

VOORSITTER: Maar as 'n mens nou gaan oor sê byvoorbeeld die kwessie van die gifstowwe aan Eerwaarde Chikane se toilet.

MNR. McNALLY: Dit word nie eers in die artikel 29 verklarings gemeld nie.

VOORSITTER: En poging tot moord op Gaven Evans en Abdullah Omar, word dit in die artikel 29 verklarings genoem?

MNR McNALLY: Ek kan nie uit die vuis uit sê nie, maar ek glo nie.

MNR. GOOSEN: Barnard sê hy het gesê vir u dat of vir die ondersoekspan dat hy in die pers gelees het van 'n vergiftiging van Chikane, kan u dit onthou? -- Ja, hy het agterna, is dit bevestig. Hy het gesê agterna het hy dit in die pers gelees dat die man wel vergiftig was.

Ja, maar dit is al wat hy vir u gesê het oor Chikane en dat hy die naam op 'n lys gesien het op 'n stadium. -- Nee.

Wel ek stel dit aan u dit is al wat in sy verklaring ooit gevind sal word as dit moet blootgelê word ooit. -- Soos ek reeds gister gesê het daar word baie gepraat en dit is gedurende hierdie gesprekke wat dit na vore gekom het.

Kan ek vir u vra u sê in u verklaring dat u of u het gister in u getuienis gesê u het of deur die ondersoekspan 'n gesprek met mnr. Bruce White gaan voer, is dit korrek? -- Dit

is/...



is reg.

En daar is aan u teruggevoer ten aansien van wat sy verbintenis

met dr. Webster was, is dit korrek? -- Hy het 'n verbintenis met dr. Webster.

Wat was die verbintenis soos u dit verstaan het? -- Hulle het altwee behoort, deel gehad aan die ECC en UDF en hy was aktiviste gewees, hulle het mekaar geken, want Bruce White was ook op Wits gewees op 'n stadium.

Hoe het hulle mekaar geken net in daardie politieke konteks name, die een weet die ander een is op Wits en altwee is miskien linkse radikales soos wat u dit beskou het of hoe is die inligting na u toe gevoer? -- Van die inligting?

Hoe het die inligting na u toe gekom, wat was die ver-bondenheid tussen die twee? -- Dat hulle mekaar wel geken het en dat hulle kontak gehad het met mekaar. Altwee is aktiviste.

Maar u weet nie wat die aard daarvan was nie? -- Nee, ek weet nie wat die aard daarvan was nie.

Ek vra dit vir u omdat u deurtentyd in die hofaansoeke om daardie ketting te bewys tussen Barnard en Botha en die moord op dr. Webster, sê u telkens in u verklaring van 24 November dat hierdie persoon wat u toe nou nog nie wou identifiseer nie verwysend na Bruce White .. (tussenbei) -- Na watter paragraaf verwys u nou?

Ek het nie die paragraaf nie, ek het dit hier neergeskryf in die verklaring van 24 November. Dit is in paragraaf 3.2 sê u: "Maar dat hy die bewegings van 'n bekende aktivis en ons weet vandag u verwys hier na Bruce White, wat nou verbonde was aan Webster gemonitor het." Nou hierdie draad hou u reg deur in u verklaring van 12 Desember sê: "Waar hulle 'n bekende

aktivis/...



aktivis wat nou verbonde was aan dr. Webster dopgehou het." Dan lateraan begin u dit afskaal in u verklaring van 12 Januarie praat

u van dat die bewegings van 'n bekende linkse radikale wat polities met dr. Webster geskakel het gemonitor het en in die laaste verklaring wat u nou gemaak het op 5 April, die voorlaaste verklaring sê u net: "White het beves-tig dat hy bekend was met dr. Webster." Die punt wat ek aan u maak is dat met die inligting wat tot u beskikking was, was u bereid om te poog op die stadium toe mense aangehou was vir moorde volgens u op dr. Webster, was u bereid om vir die hof te sê dat die persone nou met mekaar verbonde was en dit was nie soos ek verstaan die inligting wat u gehad het nie. Hulle het bloot geskakel met mekaar miskien. -- Dit hang af hoe jy dit vertolk, hulle het geskakel met mekaar.

Het Ferdie Barnard vir u op enige stadium enigiets gesê wat daarop gedui het dat hy betrokke was by enige van die moorde waarna hier verwys word? -- Nee, hy is nie betrokke by die moorde nie.

Maar het hy vir u, die vraag is nie of hy betrokke is nie, ek aanvaar .. (tussenbei) -- Hy het ook gesê dat hy nie betrokke is daarby nie.

So, hy het nooit vir u enigiets gesê .. (tussenbei) -- Nee, hy het nooit aan my gesê dat hy betrokke is by die moorde nie.

En kan ek dit 'n stap verder voer, ek aanvaar as ek vir Ferdie Barnard moet glo dat hy nooit vir u enigiets gesê het wat daarop gedui het dat iemand anders betrokke was by die moorde nie, dit wil sê hy het nie vir u gesê daardie persone of daardie groep dra ek van kennis het die moorde gepleeg nie, hy was nie 'n bron van .. (tussenbei) -- Nee, hy het nie

persoonlik/...



persoonlik kennis gedra daarvan nie, hy het nie, hy kon nie.

Maar het hy enigiets gesê wat ander persone geïmpliseer het, dit wil sê het hy vir u inligting gegee wat ander persone daaroor impliseer het? -- Nee.

So, hy het nooit vir u gesê ek ken iemand wat vir adv. Lubowski of dr. Webster vermoor het nie? -- Nee.

En hy het nie vir u op enige stadium gesê dat ek is bewus van 'n organisasie wat dit gedoen het nie, nie gesê: "Brigadier, luister jy soek na die verkeerde manne deur vir ek en Botha aan te hou, eintlik moet jy die organisasie van sakemanne of die BSB soos hy dit op 2 Desember vir u gestel het dat jy by hulle moet gaan soek, hulle is betrokke hierby nie. -- Nee, hy het dit nog sterker gestel, hy het gesê ek moet vir Joe Verster aanhou.

Het hy vir u gesê dat die BSB daarby betrokke is? -- Hy het nie dit gesê nie, hy het gesê ek moet Joe Verster aanhou.

Luister na die vraag wat ek vir u vra. Het Ferdie Barnard ooit vir u enigiets gesê wat daarop gedui het dat hy 'n ander individu of organisasie betrokke maak by daardie moorde, nie by bomontploffings in Athlone of fetusse aan bome nie. -- Nee, hy het nie geweet van Webster se moord nie, maar met die Lubowski-moord het hy gesê ons moet vir Verster arres-teer.

Het hy dit vir u in 'n verklaring ook gesê? -- Nee, dit was in 'n gesprek gewees.

Het hy dit vir u persoonlik gesê? -- Ja, hy het gesê hy moet ook in die getuiebank inkom.

Oor Lubowski se moord. -- Ja.

Is u nou seker van daardie feit?

VOORSITTER: Wel daar is nou 'n verskil of hy gearresteer moet

word/...



word en of hy in die getuiebank moet inkom. -- Ja.

Nou wat het hy gesê? -- Hy het gesê hy moet ook gearres-teer word dan sal ons miskien êrens kom.

MNR. GOOSEN: Oor Lubowski se moord? -- Ja.

Ek stel dit aan u dit is 'n versinsel wat u nou hier stel.

-- Dit is u goeie reg, maar hy het nooit iemand direk beskuldig nie.

Wel, my vraag was eenvoudig, het hy 'n individu of 'n organisasie beskuldig van die moord op adv. Lubowski? -- Hy het nie 'n individu beskuldig nie, maar hy het wel genoem ek moet vir Joe Verster arresteer.

Het hy vir u gesê hy sal vir u daardie moord oplos? -- Nee, hy het gesê ek moet daar loop soek.

Het u op hierdie uitnodiging van hom gereageer? -- Ons het ons ondersoek geloods, ja.

Wanneer het hy vir u hierdie inligting gegee? -- Dit is gedurende ons gesprekke.

Wanneer? -- Hier  aan die einde November begin Desember.

Ek stel dit aan u dat u bitter weinig met Ferdie Barnard gepraat het, stem u daarmee saam, dat u self nie eintlik betrokke was by sy ondervraging nie. -- Ek was wel betrokke.

Wel u was nie nou betrokke daarby nie. -- Ek was nie nou betrokke nie, maar ek was betrokke gewees.

Kan u vir die kommissie enige aanduiding gee hoeveel keer u betrokke was by sy ondervraging, fisies waar u nou gaan sit en vir hom vrae vra oor hierdie moorde? -- Ek sal moet die dokumente nagaan.

Was dit weekliks? -- Nee, in die begin was dit redelik dikwels gewees, maar later van tyd periodiek.

In Januarie? -- Ja, Januarie was ek by hom gewees.

Hoe/...



Hoe gereeld was u in Januarie by hom? -- Ek weet ek was die 28ste daar gewees, dit was aan my gestel, ek was daar gewees, ek het vir hom vrugte geneem.

Ek stel dit aan u  dit was die enigste keer. -- Dit is heel

moontlik.

Nou wil ek vir u vra hoekom het u nou op 'n Sondag as u die hele Januarie in werktyd nie tyd kry om vir Barnard te gaan sien waar hy in afsondering sit, hoekom gaan sien u hom op 'n Sondag 28 Januarie? -- Ek het hom gaan besoek, ek het vir hom vrugte geneem.

Maar hoekom, dit is wat ek vra? -- Dit is deel van ons opdrag om te sorg dat hulle vars vrugte kry.

Ag u kan 'n telefoon optel en vir adjudant-offisier Rossouw of vir sersant Lloyd sê gaan koop vir die man 'n "pie" en 'n "coke" en 'n sak vrugte as u lus voel. -- Hulle was nie daar gewees nie.

Hoe ver is Hartebeesfontein van Pretoria af? -- Ek was nie in Pretoria nie, van Johannesburg af.

Van Johannesburg af. Dit is nie net 'n moeite om daar te kom nie. -- Ongeveer 240 kilometer.

Stem u saam dit is aansienlike moeite om daar uit te kom? -- Maar ons moet hulle gaan besoek oor naweke ook.

VOORSITTER: Ja, maar die punt is dit is die einde van die maand, hy word nie besoek voor die einde van die maand nie, u het tog nie net gery om vir hom vrugte te vat nie op 'n Sondag, 500 kilometer te ry vir vrugte nie. -- In elk geval ons is veronderstel om hom te gaan besoek ook afgesien van die normale besoeke van die afdelingskommissaris en die genees- heer is ons ook veronderstel om hom te gaan besoek oor naweke.

Wat was die hoofdoel van u besoek? -- Die hoofdoel van

die/...



die besoek is om te gaan kyk na sy welstand en vir hom vrugte te neem.

MNR. GOOSEN: Was dit vir u werklik nodig om in persoon soon-toe op 'n Sondag te gaan? -- Deel van my plig.

Hoekom doen u dit nie in die week in werkstyd nie? -- Ek het

daardie tyd nie die tyd gehad om daar te kom nie.

U weet genl. .. (tussenbei) -- Gedurende .. (tussenbei)

Kan ek net aan u 'n stelling klaarmaar? U weet genl. Joubert het gedoen wat u sê u veronderstel is om te doen, hy het dit net baie gereeld gedoen, hy het omtrent een keer 'n week op 'n Sondag 'n werklike <u>bona fide</u> besoek daar gaan aflê. -- Dit is korrek.

U is bewus daarvan. -- Ek is bewus, hy het gegaan, ek het ook gegaan.

Ek stel dit aan u dat u het een keer gegaan op nie normale werkstyd en dit is die Sondag toe u gegaan het met die vooropgesette idee om 'n AK te gaan bespreek. -- Ek ontken dit.

Ontken u dat u 'n AK bespreek het? -- Nee, ek ontken nie dat ek 'n AK bespreek het nie, maar die vooropgestelde doel ontken ek.

So, u het gegaan om te gaan kyk na die man se welstand en vir hom 'n mandjie vrugte te vat en om 'n paar los punte van die AK uit te klaar. -- En terloops het ons oor die AK gesels. Ek was nie tevrede gewees met sy verduideliking nie en ek het dit vir hom gesê. Ek het hom gesê ek het nog 'n probleem met die AK.

Ja, die AK het aan u gevreet, dit is wat u aan hom gesê het. U het vir hom gesê hierdie AK is 'n ding wat jou nog twee/drie selfs vier jaar kan tronktoe laat gaan. -- Nee, hy

het/...



het daardie stelling gemaak, hy het gesê die AK kan hom dalk nog drie jaar laat trek, nie ek nie.

So, daar is darem so 'n ietsie van daardie gesprek. -- Ja.

Ek stel dit aan u dat u hom behoorlik gedreig het met daardie AK. -- Nee, ek het nie.

En dat u vir hom gesê het dat u daardie saak nie verder sal voer nie, as hy daardie AK, as hy sê dat hy daardie AK van die

Weermag gekry het, maar nog nie gebruik het nie en wat vir verdere opdragte. -- Die stelling was gister gewees dat ek sou gesê het dat hy dit van Joe Verster sou gekry het sodat ek vir Joe kan insit, nou van die Weermag, nou kan ek nie verstaan hoe dit nou werk nie.

VOORSITTER: Nee, advokaat kom ons vat dit net een vir een. Die huidige stelling wat aan u gemaak word is dat u vir hom gesê het dat hy moet sê dat hy die AK by die Weermag gekry het. Het u dit gesê of het u nie? -- Ek het nie so 'n sugges-tie gemaak aan hom nie, ek het vir hom gesê dat sy verdui-deliking oor die AK waar hy dit gekry het, is nie vir my be-vredigend nie, ek is bekommerd daaroor.

MNR. GOOSEN: Het u 'n oplossing aan die hand gedoen? -- Nee, hy moet vir my waar vanaf dit kom. U sien in die eerste instansie het Barnard gesê volgens die ondervraer dat toe hy gekonfronteer is oor die AK, dat hy die AK in die see gegooi het, weggedoen het en toe agterna het hy omgedraai en gesê nee, die AK is by 'n ander persoon en ons het hierdie AK laat toets, die AK is in 'n geweldige goeie toestand en hy het beweer dat hy die AK by 'n onbekende persoon in Hillbrow gekry het en ek het hom gesê die verduideliking hou nie water nie, hy moet 'n bietjie dink daaroor.





VOORSITTER: Op die waarskynlikhede tog, hy is lid van BSB gewees of gekoppel aan BSB dit weet u einde Januarie, nie waar nie? -- Ja.

U glo op daardie stadium die BSB het moorde gepleeg, u weet hulle het bomme laat ontplof, is die waarskynlikheid nie vir u gewees dat hy wel daardie AK by die Weermag sou gekry het nie, by BSB sou gekry het nie? -- Dit is 'n baie groot, dit is 'n logiese afleiding.

Dit is die enigste afleiding wat daar was, is dit nie so nie?

-- Ja.

Kon u nie vir hom, het u nie vir hom gesê die enigstge logiese afleiding vir die besit van hierdie AK is dat hy dit by die BSB gekry het nie? -- Dit is die afleiding wat gemaak kan word.

Nee, maar het u dit nie vir hom gesê nie? -- Nee, ek wou gehad het hy moes self sy eie .. (tussenbei)

Maar u sê vir hom ek glo nie jou verduideliking nie. -- Nee.

Daar is net een verduideliking en dit is dat jy dit by BSB gekry het. -- Nee, ek het hom nie 'n verduideliking in die mond gelê nie.

Nee, maar geargumenteer met hom. -- Ek dink nie ons het geargumenteer nie, ek dink dit was 'n baie-baie gemaklike gesprek gewees.

<u>MNR. GOOSEN</u>: Inderdaad so, dit is nie dat Barnard sê dat dit 'n ongemaklike gesprek was nie. -- Maar dat ek hom gesê het hy moet sê dat dit van die Weermag gekom het, dit is 'n volslae leuen.

<u>VOORSITTER</u>: Maar u het op daardie stadium geglo dit kom van die Weermag? -- Ja, met die toetsing van die ding was die

nommers/...



nommers en die naam en goed op 'n baie professionele manier uitgehaal wat nie aan Barnard genoem was nie. Dit het ek nie aan Barnard genoem nie.

<u>MNR. GOOSEN</u>: Hy dra kennis daarvan, dan het die ondersoekspan dit aan hom gesê. -- Dit is heel moontlik, maar ek het nie vir hom gesê nie.

So, u het nie baie met hom gepraat nie, baie van die goed wat u hier oor getuig het, het u maar gehoor by, ek stel dit ook aan u as 'n feit .. (tussenbei) -- Dit is aan my oorgedra.

Ek stel dit aan u dat onder andere hierdie storie wat u nou

ewe skielik mee vorendag kom van Barnard wat gesê het Joe Verster, u kon dit in enige stuk gesê het, u kon dit in enige hofstuk gesê het, Barnard  sê die hoof van die BSB is betrokke en kan lig werp op die Lebowski-moord, u kon dit in enige hofstuk gesê het dan was daar nie twyfel oor die betrok-kenheid van die BSB by adv. Lebowski se moord nie. -- Ons het besluit om nie die BSB te ontbloot nie.

Tydens hierdie selfde gesprek van die 28ste kan u onthou dat u ook van Staal Burger melding gemaak het? -- Wat sou ek van Staal Burger, ek kan nie onthou nie.

Kan u onthou dat u vir Barnard gesê het wat u groot begeerte is om met Staal Burger te doen?  Om hom in 'n tronk en dan het u 'n onelegante woord gebruik beskrywend van 'n bepaalde bevolkingsgroep in so 'n swart tronk in Namibië te stop vir ewig, kan u onthou dat u dit vir hom gesê het? -- Nee, ek ontken dit ten sterkste, dit is twak.

Hoekom is Ferdie Barnard vrygelaat? -- Ferdie Barnard is vrygelaat omdat ons hom nie verder meer nodig gehad het nie.

Wanneer het daardie besef tot u deurgedring? -- Daar was op verskeie geleenthede versoek dat hy vrygelaat word maar dit

het/...



het afgehang van die Kommissaris om hom vry te laat.

Sê u dat as dit van u sou afgehang het dat hy miskien vroeër vrygelaat sou gewees het? -- As ek die hef in die hand gehad het sou hy miskien vroeër vrygelaat gewees het.

Is daar ook 'n Ministriële besluit gewees dat hy vryge-laat sou moes word? -- Ek sal nie kan sê nie.

Want u sê in u stukke dat wat Slang van Zyl en Joe Verster en hierdie mense aanbetref is 'n Ministriële besluit. -- Dit is Ministrieël. Wat Barnard aanbetref weet ek nie.

U het net 'n goeie dag gehoor hy kan nou vrygelaat word. -- Is ek kennis gestel dat ons hom kan vrylaat.

Het ek u reg verstaan dat u steeds in besit is van hierdie identikits, identifikasiesketse, van die tweede persoon wat aan u sketse gegee het? -- Dit is korrek.

En het ek u reg verstaan om te sê dat hierdie skets tans nog steeds in u besit is en dat daar ernstig aandag aan hier-die sketse gegee word? -- Normale aandag aan die sketse gegee word.

Die persone wat op die sketse voorkom word gesoek? -- Word gesoek.

U het nog nie die persone gekry nie? -- Nog nie.

Daardeur kan ek aanvaar dat hierdie sketse is nie van enige van die bekende lede van die BSB wat by u in aan-houding was nie, dan sou u tog die parallel onmiddellik kon trek. -- Dit is heel moontlik.

Kan ek dit aanvaar? -- Ek is redelik seker dat van die persone wat ons aangehou het nie betrokke is daar nie.

Dat hulle nie op die skets voorkom nie of dat hulle nie betrokke is nie? -- Dat hulle nie betrokke is by Webster se

moord/...



moord nie.

Kan ek dus aanvaar dat u getuienis van onder eed is vir die eerste keer dat daar nou by u geen twyfel bestaan dat dit nie Barnard of Botha is wat dr. Webster vermoor het nie. -- Nee, ek is oortuig daarvan dit is nie hulle nie.

<u>VOORSITTER</u>: Dit is jammer dat die S.A.U.K. gister gesê het dat u sê dit is Botha wat hom vermoor het. -- Ja, ek het dit so gesien, maar ek het gesê dat daar fluisteringe dat dit hulle is, ek het nie gesê .. (tussenbei)

Ja, dit is net jammer dat die S.A.U.K. dit gister 'n paar

keer herhaal het.

MNR. GOOSEN: So, niemand wat voor hierdie kommissie tot op datum hiervan getuig het, het in u gemoed en uit al hierdie betroubare inligting wat u het, uit al hierdie geheime inlig-ting wat u het, uit al hierdie bronne wat u het, daar is by u geen twyfel dat niemand wat nog in hierdie saal getuig het voor hierdie kommissie, dat enige van daardie persone by hierdie moord betrokke was nie.

VOORSITTER: Hy het gesê Barnard en Botha.

MNR. GOOSEN: Ek voer dit nou net 'n stap verder.

VOORSITTER: Ek weet nou nie, hier het baie mense getuig as ons nou die lys moet deurgaan.

MNR. GOOSEN: Laat ek dit eerder noem, alle lede van die BSB wat hier getuig het of voormalige lede. -- Ek weet nie wie almal getuig het nie, maar wat Botha en Barnard betref, dit is die mense .. (tussenbei)

VOORSITTER: Ja, daar is nog 'n derde een en dit is Van Zyl. -- Van Zyl is ook uitgeskakel.

HOF VERDAAG VIR ETE.     HOF HERVAT.

**Collection Number: AK2300**

**HARMS COMMISSION OF INQUIRY, Death squads 1990**

## *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Harms Commission of Inquiry**
*Location:-*
**©1990**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection donated to Historical Papers at The University of the Witwatersrand.